REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 406

CAPE TOWN, 28 APRIL 1999

KAAPSTAD, 28 APRIL 1999

No. 19970

OFFICE OF THE PRESIDENT

No. 502. 28 April 1999

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 20 of 1999: Road Traffic Management Corporation Act, 1999.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 502. 28 April 1999

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 20 van 1999: Wet op die Padverkeersbestuurskorporasie, 1999.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 14 April 1999.)*

# ACT

**To provide, in the public interest, for co-operative and co-ordinated strategic planning, regulation, facilitation and law enforcement in respect of road traffic matters by the national, provincial and local spheres of government; to regulate the contracting out of road traffic services; to provide for the phasing in of private investment in road traffic; to that end, to provide for the establishment of the Road Traffic Management Corporation; and to provide for connected matters.**

## PREAMBLE

SINCE there is a need to enhance the overall quality of road traffic and, in particular, to promote safety, security, order, discipline and mobility on the roads, and to protect road infrastructure and the environment through the adoption of innovative road traffic practices and technology;

AND SINCE there is a need to define and strengthen co-operation and co-ordination between the national, provincial and local spheres of government in support of their respective road traffic strategic planning, regulation, facilitation and enforcement;

AND SINCE there is a need to regulate and maximize the constructive role of provincial authorities and local government bodies in support of enhanced road traffic service provision and in particular, road traffic law enforcement;

AND SINCE there is a commitment to engage the private sector and, in particular, the previously disadvantaged sectors, to take up business opportunities in the provision of road traffic services in order to, where appropriate, refocus and supplement public sector capacity;

AND SINCE there is a need to guide and sustain the transition, where appropriate, towards the phasing out of public funding and the concomitant expansion of private investment in road traffic;

AND SINCE public transport and road traffic regulation are of vital importance to the development, safety and quality of life of the citizens of the Republic and the region;

BE IT THEREFORE ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 14 April 1999.)*

# WET

**Om in die openbare belang voorsiening te maak vir samewerkende en gekoördineerde strategiese beplanning, regulering, fasilitering en wetstoepassing ten opsigte van padverkeersaangeleenthede deur die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlakke; om die uitkontraktering van padverkeerdienste te reël; om voorsiening te maak vir die infasering van private belegging in padverkeer; om vir dié doel voorsiening te maak vir die instelling van die Padverkeersbestuurskorporasie; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

## AANHEF

AANGESIEN daar 'n behoefte bestaan om die algehele kwaliteit van padverkeer te verhoog en, in die besonder, om veiligheid, sekuriteit, orde, dissipline en beweeglikheid op die paaie te bevorder, en om die pad-infrastruktuur en die omgewing te beskerm deur die aanvaarding van innoverende padverkeerspraktyke en tegnologie;

EN AANGESIEN daar 'n behoefte bestaan om samewerking en koördinering tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere te omskryf en te versterk ter ondersteuning van hul onderskeie strategiese beplanning, reëling, fasilitering en toepassing van padverkeer;

EN AANGESIEN daar 'n behoefte bestaan om die konstruktiewe rol van plaaslike regeringsowerhede te maksimaliseer ter ondersteuning van verbeterde padverkeerdiensverskaffing en in die besonder, padverkeerwetstoepassing;

EN AANGESIEN daar 'n verbintenis is om die privaatsektor te betrek, en in die besonder, die voorheen agtergeblewe sektore, om sakegeleenthede vir die verskaffing van padverkeersdienste te benut ten einde, waar gepas, die privaatsektor se kapasiteit weer in te stel en aan te vul;

EN AANGESIEN daar 'n behoefte bestaan om die oorgang na die uitfasering van openbare finansiering van, en die samegaande uitbreiding van private belegging in, padverkeer te lei en te steun;

EN AANGESIEN die regulering van openbare vervoer en padverkeer van kardinale belang is vir die ontwikkeling, veiligheid en lewenskwaliteit van die burgers van die Republiek en die streek;

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika soos volg:—

## ARRANGEMENT OF ACT

Section

### CHAPTER 1
### DEFINITIONS AND OBJECTIVES

1. Definitions
2. Objectives of Act

### CHAPTER 2
### ESTABLISHMENT AND GOVERNANCE OF ROAD TRAFFIC MANAGEMENT CORPORATION

3. Establishment of Corporation
4. Independence of Corporation
5. Composition of Corporation
6. Establishment and composition of Shareholders Committee
7. Role of Shareholders Committee
8. Appointment of, and delegation to, board
9. Governance agreement with board
10. Conditions and period of office of board members
11. Meetings of Shareholders Committee
12. Shareholders Committee's decisions that require special majority
13. Directives
14. Business and financial plan
15. Appointment of chief executive officer
16. Publication and reporting
17. Secretariat
18. Establishment of functional units
19. Appointment of managers of functional units
20. Staff of Corporation
21. Business groups
22. Annual report
23. Transfer of assets and liabilities

### CHAPTER 3
### FUNDING

24. Finance
25. Financial viability
26. Application of Reporting by Public Entities Act

### CHAPTER 4
### FUNCTIONS

27. Principal function of Corporation
28. Functions of Shareholders Committee
29. Functions of chief executive officer
30. Functions of managers of functional units
31. Agreements relating to functions
32. National road traffic law enforcement code
33. Non-compliance with national road traffic law enforcement code

### CHAPTER 5
### PRIVATE INVESTMENT IN ROAD TRAFFIC

34. Private investment
35. Trading of shares
36. Joint equity venture
37. Road traffic facility and services investment contracts

## INDELING VAN WET

Artikels


### HOOFSTUK 1
### WOORDOMSKRYWING, OOGMERKE

1. Woordomskrywing
2. Oogmerke van Wet

### HOOFSTUK 2
### INSTELLING EN BEHEER VAN PADVERKEERSBESTUURSKORPORASIE

3. Instelling van Korporasie
4. Onafhanklikheid van Korporasie
5. Samestelling van Korporasie
6. Instelling en samestelling van Aandeelhouerskomitee
7. Rol van Aandeelhouerskomitee
8. Aanstelling van, en delegering aan, raad
9. Beheerooreenkoms met raad
10. Voorwaardes en ampstermyn van raadslede
11. Vergaderings van Aandeelhouerskomitee
12. Besluite van Aandeelhouerskomitee waarvoor spesiale meerderheid vereis word
13. Lasgewings
14. Sake- en finansiële plan
15. Aanstelling van hoof- uitvoerende beampte
16. Publikasie en verslagdoening
17. Sekretariaat
18. Instelling van funksionele eenhede
19. Aanstelling van bestuurders van funksionele eenhede
20. Personeel van Korporasie
21. Sakegroepe
22. Jaarverslag
23. Oordrag van bates en laste

### HOOFSTUK 3
### FINANSIERING

24. Finansiering
25. Finansiële lewensvatbaarheid
26. Toepassing van Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite

### HOOFSTUK 4
### WERKSAAMHEDE

27. Vernaamste werksaamheid van Korporasie
28. Werksaamhede van Aandeelhouerskomitee
29. Werksaamhede van hoof- uitvoerende beampte
30. Werksaamhede van bestuurders van funksionele eenhede
31. Ooreenkomste met betrekking tot werksaamhede
32. Nasionale padverkeer-wetstoepassingskode
33. Nie-nakoming van nasionale padverkeer-wetstoepassingskode

### HOOFSTUK 5
### PRIVATE BELEGGING IN PADVERKEER

34. Private belegging
35. Verhandeling van aandele
36. Gesamentlike ekwiteitsonderneming
37. Kontrakte vir belegging in padverkeersfasiliteite en -dienste

## CHAPTER 6
## CONTRACTING OUT TO PROVINCIAL AUTHORITIES AND LOCAL GOVERNMENT BODIES

38. Appointment of agents

## CHAPTER 7
## COMPLIANCE AND MONITORING

39. Compliance, monitoring and regulatory approach
40. Monitoring duties of chief executive officer
41. Complaints to chief executive officer
42. Contract compliance monitoring

## CHAPTER 8
## MISCELLANEOUS

43. Procurement
44. Consultation
45. Innovation
46. Enquiries
47. Right to review or appeal
48. Regulations
49. Restriction on use of name
50. Limitation of liability
51. Interim arrangements
52. Offences
53. Short title and commencement

## CHAPTER 1
## DEFINITIONS AND OBJECTIVES

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "board" means the board established in terms of section 8(1); (xvii)

(ii) "business group" means a service provider, including, but not limited to—
- *(a)* a provincial authority;
- *(b)* a local government body;
- *(c)* a private sector entity;
- *(d)* any entity established through a public and private sector partnership;
- *(e)* the SAPS; and
- *(f)* any statutory transport institution established in terms of national or provincial legislation and vested with road traffic powers; (xix)

(iii) "business and financial plan" means the business and financial plan of the Corporation approved in terms of section 14(5); (xviii)

(iv) "financial year", in relation to the Corporation, means the period determined in terms of section 14(1); (iii)

(v) "Corporation" means the Road Traffic Management Corporation established in terms of section 3; (vii)

(vi) "functional unit" means a functional unit of the Corporation established in terms of section 18(1); (iv)

(vii) "governance agreement" means the agreement concluded by the Shareholders Committee with the board in terms of section 9(1); (ii)

(viii) "innovative project" means a project which possesses at least one of the following attributes:
- *(a)* a recognised process, design, methodology or engineering concept which has demonstrated its ability to significantly reduce construction costs, accelerate project execution, improve safety, enhance project performance, extend economic life, reduce costs of facility maintenance and operations or reduce negative environmental impacts or social or economic disturbances or disruptions during either the project implementation or construction phase or the operation phase;

**HOOFSTUK 6**
**UITKONTRAKTERING AAN PROVINSIALE OWERHEDE EN PLAASLIKE REGERINGSLIGGAME**

38. Aanstelling van agente

**HOOFSTUK 7**
**NAKOMING EN MONITERING**

39. Nakoming, monitering en reguleringsbenadering
40. Moniteringspligte van hoof- uitvoerende beampte
41. Klagtes aan hoof- uitvoerende beampte
42. Monitering van kontrak-nakoming

**HOOFSTUK 8**
**DIVERSE**

43. Verkryging
44. Raadpleging
45. Innovering
46. Ondersoeke
47. Reg op hersiening of appèl
48. Regulasies
49. Beperking op gebruik van naam
50. Beperking van aanspreeklikheid
51. Tussentydse reëlings
52. Misdrywe
53. Kort titel en inwerkingtreding

## HOOFSTUK 1
## WOORDOMSKRYWING, OOGMERKE

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "Aandeelhouerskomitee" die Aandeelhouerskomitee ingestel by artikel 6(1); (xxi)

(ii) "beheerooreenkoms" die ooreenkoms wat deur die Aandeelhouerskomitee met die raad gesluit is ingevolge artikel 9(1); (vii)

(iii) "finansiële jaar" met betrekking tot die Korporasie, die tydperk wat ingevolge artikel 14(1) bepaal is; (iv)

(iv) "funksionele eenheid" 'n funksionele eenheid van die Korporasie wat ingevolge artikel 18(1) ingestel is; (vi)

(v) "gesamentlike ekwiteitsondernemingskontrak" 'n kontraktuele reëling tussen die Korporasie en 'n private persoon of entiteit met die doel om 'n nuwe handelsaktiwiteit te onderneem ten opsigte waarvan die Korporasie 'n aandeelhouer is of 'n deel van die aandele- of beleggingskapitaal voorsien; (ix)

(vi) "innoverende projek" 'n projek wat minstens een van die volgende kenmerke besit:

*(a)* 'n erkende proses, ontwerp, metodiek of ingenieurskonsep wat sy vermoë getoon het om boukoste aansienlik te verminder, projekuitvoering te versnel, veiligheid te verbeter, projekprestasie te verhoog, ekonomiese lewe te verleng, kostes van fasiliteit-onderhoud en -prosesse te verminder of negatiewe omgewingsinwerkings of sosiale of ekonomiese steurings of onderbrekings gedurende óf die projekimplementerings- of konstruksiefase óf bedryfsfase te verminder;

*(b)* 'n projek waarvoor die projekvoorsteller of 'n lid van die voorstellende gesamentlike ekwiteits-onderneming of konsortium uitsluitlike regte besit, hetsy wêreldwyd of in die streek;

*(c)* 'n ontwerp, metodiek of ingenieurskonsep waarvoor die voorsteller of 'n lid van die voorstellende gesamentlike ekwiteits-onderneming of konsortium intellektuele eiendomsregte besit; of

(*b*) a process for which the project proponent or a member of the proponent joint equity venture or consortium possesses exclusive rights, either worldwide or regionally;

(*c*) a design, methodology or engineering concept for which the proponent or a member of the proponent joint equity venture or consortium possesses intellectual property rights; or

(*d*) clustering services in the transport and other sectors with the potential to enhance the efficiency and affordability of transportation; (vi)

(ix) "joint equity venture contract" means a contractual arrangement between the Corporation and a private person or entity for the purpose of undertaking a new commercial activity in respect of which the Corporation is a shareholder or provides a portion of the equity or investment capital; (v)

(x) "local government body" means a metropolitan, district or local municipality as contemplated in the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998); (xvi)

(xi) "MEC" means the Member or Members of the Executive Committee of a province who is responsible for matters connected with road traffic in that province; (viii)

(xii) "Minister" means the Minister of Transport; (ix)

(xiii) "National Commissioner" means the National Commissioner referred to in section 6(1) of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995); (x)

(xiv) "negative concession" means a contract to provide a road traffic service which is essential to the public but cannot be provided at a profit and requires public financing; (xi)

(xv) "prescribed" means prescribed by regulation in terms of section 48(1); (xxi)

(xvi) "public service obligation" means a social obligation of the State to provide a non-profitable road traffic service; (xiii)

(xvii) "ring-fencing", in relation to functional units, means containing each functional unit and keeping separate accounting records for each one in order to ascertain each functional unit's profitability and discourage cross-subsidisation; (xii)

(xviii) "road traffic law enforcement officer" is an authorised officer appointed in terms of section 3A of the National Road Traffic Act, 1996 (Act No. 93 of 1996), who meets the standards set in the national road traffic law enforcement code referred to in section 32(1) of this Act, and includes a member of a municipal police service which may be established in terms of section 64A of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995); (xv)

(xix) "road traffic service" means a service that must be provided in terms of any law for the purpose of road traffic regulation; (xiv)

(xx) "SAPS" means the South African Police Service established by section 5 of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 f 1995); (xx) and

(xxi) "Shareholders Committee" means the Shareholders Committee established in terms of section 6(1). (i)

**Objectives of Act**

**2.** The objectives of this Act are, in the public interest—

(*a*) to establish the Road Traffic Management Corporation as a partnership between national, provincial and local spheres of government by—

(i) effecting the pooling of road traffic powers of the Minister and every MEC and the resources of national and provincial spheres of government responsible for road traffic management, in support of enhanced co-operative and co-ordinated road traffic strategic planning, regulation, facilitation and law enforcement;

(ii) strengthening national and provincial governments' collective capacity to govern road traffic through partnerships with local government bodies and the private sector; and

(iii) focussing government on effective strategic planning, regulation, facilitation and monitoring;

(d) trosdienste in die vervoer en ander sektore met die potensiaal om die effektiwiteit en bekostigbaarheid van vervoer te verhoog; (viii)

(vii) "Korporasie" die Padverkeersbestuurskorporasie wat by artikel 3 ingestel is;

(viii) "LUR" die Lid of lede van die Uitvoerende Raad van 'n provinsie wat belas is met aangeleenthede wat met padverkeer in verband staan in daardie provinsie; (xi)

(ix) "Minister" die Minister van Vervoer; (xii)

(x) "Nasionale Kommissaris" die Nasionale Kommisaris bedoel in artikel 6(1) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995); (xiii)

(xi) "negatiewe konsessie" 'n kontrak om 'n padverkeersdiens te verskaf wat noodsaaklik is vir die publiek maar nie teen 'n wins verskaf kan word nie en openbare finansiering vereis; (xiv)

(xii) "omheining" met betrekking tot funksionele eenhede, die afsondering van elke funksionele eenheid en die hou van aparte rekeningstate vir elkeen ten einde elke funksionele eenheid se winsgewendheid vas te stel en kruissubsidiëring te voorkom; (xvii)

(xiii) "openbare diensverpligting" 'n sosiale verpligting van die Staat om 'n nie-winsgewende padverkeersdiens te verskaf; (xv)

(xiv) "padverkeersdiens" 'n diens wat ingevolge enige wet verskaf moet word vir die doel van padverkeersregulering; (xix)

(xv) "padverkeer-wetstoepassingsbeampte" 'n gemagtigde beampte wat ingevolge artikel 3A van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996), aangestel is en wat voldoen aan die standaarde gestel in die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode bedoel in artikel 32(1) van hierdie Wet, met inbegrip van 'n lid van 'n munisipale polisiediens ingestel ingevolge artikel 64A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995); (xviii)

(xvi) "plaaslike regeringsliggaam" 'n metropolitaanse, distriks- of plaaslike munisipaliteit soos beoog in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998); (x)

(xvii) "raad" die raad wat kragtens artikel 8(1) aangestel is; (i)

(xviii) "sake- en finansiële plan" die sake- en finansiële plan van die Korporasie wat ingevolge artikel 14(5) goedgekeur is; (iii)

(xix) "sakegroep" 'n diensverskaffer, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot—

(a) 'n provinsiale owerheid;

(b) 'n plaaslike regeringsliggaam;

(c) 'n privaatsektorentiteit;

(d) enige entiteit wat deur 'n openbare en privaatsektorvennootskap ingestel is;

(e) die SAPD; en

(f) enige statutêre vervoerinstelling wat ingevolge nasionale of provinsiale wetgewing ingestel is en wat met padverkeersbevoegdhede beklee is; (ii)

(xx) "SAPD" die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat by artikel 5 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), ingestel is; (xx)

(xxi) "voorgeskryf" by regulasie ingevolge artikel 48(1) voorgeskryf. (xv)

**Oogmerke van Wet**

**2.** Die oogmerke van hierdie Wet is om in die openbare belang—

(a) die Padverkeersbestuurskorporasie as 'n vennootskap tussen nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlakke in te stel deur—

(i) die samevoeging van padverkeersbevoegdhede van die Minister en elke LUR en die hulpbronne van nasionale en provinsiale regeringsvlakke verantwoordelik vir padverkeersbestuur te bewerkstellig ter ondersteuning van verhoogde samewerkende en gekoördineerde padverkeer, strategiese beplanning, reëling, fasilitering en wetstoepassing;

(ii) die nasionale en provinsiale regerings se gesamentlike vermoë om padverkeer te beheer, te versterk deur vennootskappe met plaaslike regeringsliggame en die private sektor; en

(iii) die regering te fokus op doeltreffende strategiese beplanning, regulering, fasilitering en monitering;

(*b*) to enhance the overall quality of road traffic service provision and, in particular, to ensure safety, security, order, discipline and mobility on the roads;

(*c*) to protect road infrastructure and the environment through the adoption of innovative practices and implementation of innovative technology;

(*d*) to phase out, where appropriate, public funding and phase in private sector investment in road traffic on a competitive basis;

(*e*) to introduce commercial management principles to inform and guide road traffic governance and decision-making in the interest of enhanced service provision;

(*f*) to optimise the utilisation of public funds by—

(i) limiting investment of public funds to road traffic services which meet a social or non-commercial strategic objective and which have poor potential to generate a reasonable rate of return; and

(ii) securing, where appropriate, full cost recovery on the basis of the user-pays principle;

(*g*) to regulate, strengthen and monitor intergovernmental contact and co-operation in road traffic matters;

(*h*) to improve the exchange and dissemination of information on road traffic matters;

(*i*) to stimulate research in road traffic matters and effectively utilise the resources of existing institutes and research bodies; and

(*j*) to develop human resources in the public and private sectors that are involved in road traffic.

## CHAPTER 2
## ESTABLISHMENT AND GOVERNANCE OF ROAD TRAFFIC MANAGEMENT CORPORATION

**Establishment of Corporation**

**3.** A juristic person called the Road Traffic Management Corporation is hereby established.

**Independence of Corporation**

**4.** The Corporation must perform its functions in an independent and impartial manner without undue influence from any person.

**Composition of Corporation**

**5.** The Corporation consists of—

(*a*) a Shareholders Committee;

(*b*) a chief executive officer;

(*c*) a board, subject to a decision of the Shareholders Committee to establish a board in terms of section 8;

(*d*) managers of functional units appointed in terms of section 19(1); and

(*e*) such professional, technical, administrative and support staff, appointed in terms of section 20(1), as may be required for the proper performance of its functions.

**Establishment and composition of Shareholders Committee**

**6.** (1) A Shareholders Committee is hereby established.

(2) The Shareholders Committee consists of—

(*a*) the Minister;

(*b*) every MEC; and

(*c*) two representatives nominated by the national organisation recognised in terms of section 2(*a*) of the Organised Local Government Act, 1997 (Act No. 52 of 1997).

(3) Each member of the Shareholders Committee has, subject to subsection (4), one vote.

(4) If a province has more than one MEC as member of the Shareholders Committee the vote may only be exercised by the MEC of that province whose portfolio is most closely connected to the function in respect of which a decision needs to be taken.

(5) The chief executive officer must attend the meetings of the Shareholders Committee and may take part in deliberations but has no vote.

(b) die algehele kwaliteit van padverkeersdiensverskaffing te verhoog en, in die besonder, om veiligheid, sekuriteit, orde, dissipline en beweeglikheid op die paaie te verseker;

(c) pad-infrastruktuur en die omgewing te beskerm deur die aanneming van innoverende praktyke en die implementering van innoverende tegnologie;

(d) waar gepas, openbare finansiering uit te faseer en privaatsektorbelegging in padverkeer op 'n mededingende basis in te faseer;

(e) kommersiële bestuursbeginsels in te voer om padverkeersbestuur en -besluitneming in te lig en te lei in belang van verhoogde diensverskaffing;

(f) die aanwending van openbare fondse te optimaliseer deur—

(i) belegging van openbare fondse te beperk tot padverkeersdienste wat aan 'n sosiale of nie-kommersiële strategiese oogmerk voldoen en wat 'n swak potensiaal het om 'n redelike opbrengskoers op te lewer; en

(ii) waar gepas, volle verhaal van koste te verseker op die grondslag van die verbruiker-betaal-beginsel;

(g) inter-regeringskontak en -samewerking in padverkeersaangeleenthede te reël, te versterk en te moniteer;

(h) die uitruil en verspreiding van inligting oor padverkeersaangeleenthede te verbeter;

(i) navorsing in padverkeersaangeleenthede aan te wakker en die hulpbronne van bestaande instellings en navorsingsliggame aan te wend; en

(j) menslike hulpbronne in die openbare en private sektore wat by padverkeer betrokke is, te ontwikkel.

## HOOFSTUK 2
## INSTELLING EN BEHEER VAN PADVERKEERSBESTUURSKORPORASIE

**Instelling van Korporasie**

**3.** 'n Regspersoon wat die Padverkeersbestuurskorporasie heet, word hierby ingestel.

**Onafhanklikheid van Korporasie**

**4.** Die Korporasie moet sy werksaamhede op 'n onafhanklike en onpartydige wyse, sonder onbehoorlike beïnvloeding van enige persoon, verrig.

**Samestelling van Korporasie**

**5.** Die Korporasie bestaan uit—

(a) 'n Aandeelhouerskomitee;

(b) 'n hoof- uitvoerende beampte;

(c) 'n raad, behoudens 'n besluit van die Aandeelhouerskomitee om 'n raad ingevolge artikel 8 in te stel;

(d) bestuurders van funksionele eenhede ingevolge artikel 19(1) aangestel; en

(e) die professionele, tegniese, administratiewe en ondersteuningspersoneel wat nodig mag wees vir die behoorlike verrigting van sy werksaamhede, ingevolge artikel 20(1) aangestel.

**Instelling en samestelling van Aandeelhouerskomitee**

**6.** (1) 'n Aandeelhouerskomitee word hierby ingestel.

(2) Die Aandeelhouerskomitee bestaan uit—

(a) die Minister;

(b) elke LUR; en

(c) twee verteenwoordigers benoem deur die nasionale organisasie wat ingevolge artikel 2(a) van die Wet op Georganiseerde Plaaslike Regering, 1997 (Wet No. 52 van 1997), erken word.

(3) Elke lid van die Aandeelhouerskomitee het, behoudens subartikel (4), een stem.

(4) Indien 'n provinsie meer as een LUR as lid van die Aandeelhouerskomitee het, kan die stem slegs uitgebring word deur die LUR wie se portefeulje die nouste verband hou met die werksaamheid ten opsigte waarvan 'n besluit geneem moet word.

(5) Die hoof- uitvoerende beampte moet die vergaderings van die Aandeelhouerskomitee bywoon en kan aan die besprekings deelneem, maar het geen stem nie.

**Role of Shareholders Committee**

**7.** (1) The Shareholders Committee is a forum through which the national, provincial and local spheres of government co-operate with each other and with other persons or bodies concerned with road traffic matters.

(2) The Shareholders Committee is responsible for directing and guiding the proper functioning of the Corporation in the public interest and for reflecting, in its decision-making procedures, the spirit of co-operation and mutual trust contemplated in section 41(1)*(h)* of the Constitution of the Republic of South Africa Act, 1996 (Act No. 108 of 1996).

**Appointment of and delegation to board**

**8.** (1) The Shareholders Committee may, subject to subsection (2), establish a board for the Corporation consisting of the chief executive officer and a maximum of eight persons appointed by that Committee.

(2) The appointed members of the board must be persons from the public and private sectors with proven expertise and competency in the field of corporate management, commerce, commercial banking, financing and road traffic affairs.

(3) The Shareholders Committee must, before appointing a board, come to a decision as to—

*(a)* the powers which may be delegated to the board after its appointment; and

*(b)* the conditions it thinks fit to impose in respect of the exercise of delegated powers.

(4) The Shareholders Committee may, in writing, delegate to the board any of the powers contemplated in subsection (3)*(a)*.

(5) The Shareholders Committee may continue to issue directives in terms of section 13 with regard to powers delegated to the board.

(6) The board must exercise the powers delegated in terms of subsection (4) subject to the conditions, if any, contemplated in subsection (3)*(b)*.

(7) The Shareholders Committee may, at any time, withdraw a delegation effected in terms of this section.

(8) Any delegation in terms of subsection (4) does not prohibit the Shareholders Committee from exercising the delegated power.

(9) In determining the composition of the board as contemplated in subsection (2), the Shareholders Committee must take into account the nature of the powers that may be delegated to the board.

(10) The Shareholders Committee may only appoint members of the board after—

*(a)* the Shareholders Committee has, by notice in the *Gazette,* every *Provincial Gazette* and the media, called for nominations for members of the board;

*(b)* the Shareholders Committee has submitted a list of suitable candidates to the committees of Parliament responsible for road traffic matters;

*(c)* the committees of Parliament responsible for road traffic matters has submitted a short-list of candidates to the Shareholders Committee; and

*(d)* the Shareholders Committee has, by notice in the *Gazette*, every *Provincial Gazette* and the media, published the short-list referred to in paragraph *(c)* and called for public comment or objections to be submitted by not later than a date specified in such notice.

(11) The Shareholders Committee must, within one month after the appointment of the members of the board, publish a list of the members by notice in the *Gazette*, every *Provincial Gazette* and the media.

(12) The members of the board hold office on the terms and conditions, including remuneration and allowances, as may be prescribed after consultation with the Minister of Finance.

(13) The Shareholders Committee must designate one of the members of the board as the chairperson until the board has met and is able to elect its presiding officers.

(14) The first meeting of the board must be held at the place and time specified by the Shareholders Committee.

(15) The board must determine the procedure in respect of its meetings and decisions.

**Rol van Aandeelhouerskomitee**

**7.** (1) Die Aandeelhouerskomitee maak 'n forum uit waardeur die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlakke met mekaar saamwerk en met ander persone en liggame wat met padverkeersaangeleenthede gemoeid is.

(2) Die Aandeelhouerskomitee is verantwoordelik om die behoorlike funksionering van die Korporasie in die openbare belang te rig en te lei, en om in sy besluitnemingsprosedures die gees van samewerking en wedersydse vertroue beoog in artikel 41(1)*(h)* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996), te weerspieël.

**Aanstelling van, en delegering aan, raad**

**8.** (1) Die Aandeelhouerskomitee kan, behoudens subartikel (2), 'n raad vir die Korporasie aanstel, wat bestaan uit die hoof uitvoerende beampte en 'n maksimum van agt persone wat deur daardie Komitee aangestel word.

(2) Die aangestelde lede van die raad moet persone wees uit die openbare en private sektore met bewese kundigheid en bekwaamheid op die gebied van korporatiewe bestuur, handel, handelsbankwese, finansiering en padverkeersaangeleenthede.

(3) Die Aandeelhouerskomitee moet, voordat hy 'n raad aanstel, 'n besluit neem oor—

*(a)* die bevoegdhede wat aan die raad na sy aanstelling gedelegeer kan word; en

*(b)* die voorwaardes wat hy goeddink om op te lê ten opsigte van die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdhede.

(4) Die Aandeelhouerskomitee kan enige van die bevoegdhede beoog in subartikel (3)*(a)* skriftelik aan die raad delegeer.

(5) Die Aandeelhouerskomitee kan voortgaan om lasgewings ingevolge artikel 13 te reik met betrekking tot bevoegdhede wat aan die raad gedelegeer is.

(6) Die raad moet die bevoegdhede wat ingevolge subartikel (4) gedelegeer is, uitoefen onderworpe aan die voorwaardes, as daar is, beoog in subartikel (3)*(b)*.

(7) Die Aandeelhouerskomitee kan te eniger tyd 'n delegering wat ingevolge hierdie artikel verleen is, intrek.

(8) 'n Delegering ingevolge subartikel (4) verhinder nie die Aandeelhouerskomitee om die gedelegeerde bevoegdheid uit te oefen nie.

(9) By die bepaling van die samestelling van die raad soos in subartikel (2) beoog, moet die Aandeelhouerskomitee die aard van die bevoegdhede wat aan die raad gedelegeer kan word, in ag neem.

(10) Die Aandeelhouerskomitee kan lede van die raad slegs aanstel nadat—

*(a)* die Aandeelhouerskomitee by kennisgewing in die *Staatskoerant*, elke *Provinsiale Koerant* en die media nominasies vir lede van die raad aangevra het;

*(b)* die Aandeelhouerskomitee 'n lys van geskikte kandidate aan die komitees van die Parlement wat vir padverkeersaangeleenthede verantwoordelik is, voorgelê het;

*(c)* die komitees van die Parlement wat vir padverkeersaangeleenthede verantwoordelik is, 'n kortlys van kandidate aan die Aandeelhouerskomitee voorgelê het; en

*(d)* die Aandeelhouerskomitee by kennisgewing in die *Staatskoerant*, elke *Provinsiale Koerant* en die media, die kortlys in paragraaf *(c)* bedoel, gepubliseer het en openbare kommentaar of besware aangevra het wat nie later nie as die datum in die kennisgewing vermeld, voorgelê moet word.

(11) Die Aandeelhouerskomitee moet, binne een maand na die aanstelling van die lede van die raad, 'n lys van die lede by kennisgewing in die *Staatskoerant*, elke *Provinsiale Koerant* en die media publiseer.

(12) Die lede van die raad beklee hul ampte op die bedinge en voorwaardes, met inbegrip van vergoeding en toelaes, wat voorgeskryf kan word na oorleg met die Minister van Finansies.

(13) Die Aandeelhouerskomitee moet een van die lede van die raad as die voorsitter aanwys totdat die raad vergader het en in staat wees om 'n voorsittende beampte te verkies.

(14) Die eerste vergadering van die raad moet gehou word op die plek en tyd wat deur die Aandeelhouerskomitee bepaal word.

(15) Die raad moet die prosedure ten opsigte van sy vergaderings en besluite bepaal.

**Governance agreement with board**

**9.** (1) The Shareholders Committee must, after consultation with the Minister of Finance and every MEC responsible for finance, enter into a written governance agreement with the board relating to—

*(a)* the expectations of national, provincial and local governments in respect of the Corporation's scope of business, efficiency, financial performance and achievement of objectives;

*(b)* the principles which the Corporation must apply for the purpose of business planning which includes the commitment to phase in private investment in road traffic and, where appropriate, contract out road traffic service provision to provincial authorities and local government bodies, the SAPS, any other statutory transport institution vested with the powers to execute road traffic functions and the private sector;

*(c)* the measures that are necessary to protect the financial soundness of the Corporation, including—

(i) the ring-fencing of functional units; and

(ii) subject to section 34, the provision of business opportunities to the private sector;

*(d)* the procedures which the Corporation must follow in the awarding of tenders and granting of concessions;

*(e)* key performance indicators in terms of which the Corporation's performance will be evaluated;

*(f)* the structure of the business and financial plan;

*(g)* the level and scope of monitoring of the Corporation's performance by the chief executive officer; and

*(h)* any other matter relating to the performance of the Corporation's functions in terms of this Act.

(2) The Shareholders Committee and the board may, in terms of subsection (1), in writing amend the governance agreement from time to time.

(3) The Shareholders Committee and the board must, before entering into the governance agreement or an amendment thereof, on any matter which may adversely affect them, consult with—

*(a)* parties who have an interest in road traffic regulation, including, but not limited to, educational organisations and health organisations; and

*(b)* persons to whom tenders or concessions contemplated in subsection (1)*(d)* have been awarded.

(4) The Shareholders Committee must publish the governance agreement in the *Gazette* and every *Provincial Gazette* within 30 days from the date on which that governance agreement was entered into, and any amendment thereto must be so published within 30 days of that amendment coming into operation.

(5) Any member of the public may inspect a copy of the governance agreement at the head office of the Corporation during business hours.

(6) Failure by the board to comply with any provision of the governance agreement does not affect the validity or enforceability of any agreement, right, obligation or liability entered into, acquired or incurred by the Corporation.

**Conditions and period of office of board members**

**10.** (1) An appointed member of the board vacates his or her office immediately if he or she—

*(a)* has been or is convicted—

(i) whether in the Republic or elsewhere, of theft, fraud, forgery or uttering a forged statement, perjury or any offence involving dishonesty; or

(ii) of any offence in terms of the Corruption Act, 1992 (Act No. 94 of 1992), the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973), or this Act;

*(b)* without authorisation, has disclosed or discloses, or improperly has acted or acts on, information gained as a result of his or her membership of the board;

*(c)* is or becomes a political office bearer;

**Beheerooreenkoms met raad**

**9.** (1) Die Aandeelhouerskomitee moet, na oorleg met die Minister van Finansies en elke LUR belas met finansies, 'n skriftelike beheerooreenkoms met die raad aangaan met betrekking tot—

*(a)* die verwagtings van nasionale, provinsiale en plaaslike regerings ten opsigte van die Korporasie se omvang van sake, doeltreffendheid, finansiële prestasie en bereiking van oogmerke;

*(b)* die beginsels wat die Korporasie moet toepas vir die doel van sakebeplanning, waarby ingesluit is die verbintenis om private belegging in padverkeer in te faseer en, waar gepas, om padverkeerdiensverskaffing uit te kontrakteer aan provinsiale owerhede en plaaslike regeringsliggame, die SAPD, enige ander statutêre vervoerinstelling wat met die bevoegdheid beklee is om padverkeer-werksaamhede uit te voer en die privaatsektor;

*(c)* die maatreëls wat nodig is om die finansiële gesondheid van die Korporasie te beskerm, met inbegrip van—

(i) die omheining van funksionele eenhede; en

(ii) behoudens artikel 34, die voorsiening van sakegeleenthede aan die private sektor;

*(d)* die prosedures wat die Korporasie moet volg by die toekenning van tenders en die verlening van konsessies;

*(e)* sleutel-prestasie-aanwysers waarvolgens die Korporasie se prestasie beoordeel gaan word;

*(f)* die struktuur van die sake- en finansiële plan;

*(g)* die vlak en omvang van monitering deur die hoof- uitvoerende beampte van die Korporasie se prestasie; en

*(h)* enige ander aangeleentheid met betrekking tot die verrigting van die Korporasie se werksaamhede ingevolge hierdie Wet.

(2) Die Aandeelhouerskomitee en die raad kan van tyd tot tyd, ingevolge subartikel (1), die beheerooreenkoms skriftelik wysig.

(3) Die Aandeelhouerskomitee en die raad moet, voor die aangaan van die beheerooreenkoms, of 'n wysiging daarvan, oor enige aangeleentheid wat hulle raak, oorleg pleeg met—

*(a)* partye wat 'n belang het by padverkeersregulering, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, opvoedkundige organisasies en gesondheidsorganisasies; en

*(b)* persone aan wie tenders of konsessies in subartikel (1)*(d)* beoog, toegeken is.

(4) Die Aandeelhouerskomitee moet die beheerooreenkoms in die *Staatskoerant* en elke *Provinsiale Koerant* publiseer binne 30 dae vanaf die datum waarop daardie beheerooreenkoms aangegaan is, en enige wysiging daarvan moet aldus gepubliseer word binne 30 dae nadat die wysiging in werking getree het.

(5) Enige lid van die publiek kan gedurende besigheids ure by die hoofkantoor van die Korporasie insae verkry in 'n afskrif van die beheerooreenkoms.

(6) Versuim deur die raad om enige bepaling van die beheerooreenkoms na te kom, raak nie die geldigheid of afdwingbaarheid van enige ooreenkoms, reg, verpligting of aanspreeklikheid wat deur die Korporasie aangegaan, verkry of opgedoen is nie.

**Voorwaardes en ampstermyn van raadslede**

**10.** (1) 'n Aangestelde lid van die raad ontruim sy of haar amp onmiddellik indien hy of sy—

*(a)* skuldig bevind is of word—

(i) hetsy in die Republiek of elders, aan diefstal, bedrog, vervalsing of uitgifte van 'n vervalste verklaring, meineed of enige misdryf waarby oneerlikheid betrokke is; of

(ii) aan enige misdryf ingevolge die Wet op Korrupsie, 1992 (Wet No. 94 van 1992), die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), of hierdie Wet;

*(b)* inligting wat as gevolg van sy of haar lidmaatskap van die raad verkry is, sonder magtiging geopenbaar het of openbaar, of onbehoorlik daarop gehandel het of handel;

*(c)* 'n politieke ampsbekleër is of word;

(*d*) is or becomes an unrehabilitated insolvent or has committed or commits an act of insolvency;

(*e*) has been or is removed from an office of trust on account of misconduct; or

(*f*) has been or is relieved of his or her office in terms of subsection (3) or (4).

(2) If a member of the board, or his or her spouse, immediate family member, life partner or business associate has any direct or indirect financial interest in any matter to be dealt with at any meeting of the board, that member—

(*a*) must immediately after that interest has come to his or her attention, disclose that interest and the extent thereof in a written statement to the chairperson of the board, who must table that statement at the beginning of the next meeting of the board;

(*b*) may not attend the portion of a meeting of the board during which the matter is considered;

(*c*) may not in any manner take part in the consideration of that matter by the board; and

(*d*) may not in any manner endeavour to influence the opinion or vote of any other member of the board in connection with that matter.

(3) The Shareholders Committee must immediately relieve any appointed member of his or her office if that member has—

(*a*) failed to comply with subsection (2);

(*b*) failed to attend three consecutive meetings of the board without prior leave of the chairperson as noted in the minutes of those meetings;

(*c*) been unable to perform his or her functions of office effectively due to continued serious ill-health; or

(*d*) been declared by a competent court to be of unsound mind.

(4) The Shareholders Committee may, on the same date and conditions, relieve all the appointed members of the board of their offices if—

(*a*) they have failed to substantially comply with the governance agreement and the business and financial plan; and

(*b*) the Shareholders Committee has—

(i) in writing individually notified every appointed member of the board of the nature of such failure, and has, within seven days of the date of such notification, tabled a copy of the notification in Parliament or, if Parliament is not then in session, published a copy of the notification in the *Gazette*;

(ii) afforded the board a reasonable opportunity to make a written submission to it in respect of that notification; and

(iii) if such submission does not satisfactorily explain the failure specified in that notification, afforded the board a reasonable opportunity to rectify that failure but the board has failed to do so.

(5) A member of the board holds office for a period not exceeding five years.

(6) A member of the board may resign on one month's written notice to the Shareholders Committee.

(7) The Shareholders Committee must fill vacancies on the board as soon as possible in accordance with section 8(10).

**Meetings of Shareholders Committee**

**11.** (1) The Minister is the chairperson of the Shareholders Committee.

(2) The Minister must convene the Shareholders Committee at least four times a year at the place and time specified by the Minister.

(3) The Shareholders Committee must appoint a member referred to in section 6(2)*(b)* or *(c)* as deputy chairperson for a period not exceeding 12 months.

(4) The Minister or, in his or her absence, the deputy chairperson, if he or she is present, presides at every meeting of the Shareholders Committee.

(5) If both the Minister and the deputy chairperson of the Shareholders Committee are unable to perform any function of the chairperson, the other members must designate one of their number to act as chairperson during such inability.

(*d*) 'n ongerehabiliteerde insolvent is of word, of 'n daad van insolvensie gepleeg het of pleeg;
(*e*) weens wangedrag uit 'n vertrouensamp ontslaan is of word; of
(*f*) ingevolge subartikel (3) of (4) van sy of haar amp onthef is of word.

(2) Indien 'n lid van die raad, of sy of haar gade, onmiddellike familielid, lewensmaat of sakegenoot 'n direkte of indirekte finansiële belang het in enige aangeleentheid wat op 'n vergadering van die raad behandel moet word—
(*a*) moet daardie lid, onmiddellik nadat daardie belang onder sy of haar aandag gekom het, daardie belang en die omvang daarvan in 'n geskrewe verklaring aan die voorsitter van die raad openbaar, wat daardie verklaring by die aanvang van die volgende vergadering van die raad ter tafel moet lê;
(*b*) mag daardie lid nie die gedeelte van 'n vergadering van die raad waartydens die aangeleentheid oorweeg word, bywoon nie;
(*c*) mag daardie lid nie op enige wyse deelneem aan die oorweging van daardie aangeleentheid deur die raad nie; en
(*d*) mag daardie lid nie op enige wyse poog om die mening of stem van 'n ander lid van die raad in verband met daardie aangeleentheid te beïnvloed nie.

(3) Die Aandeelhouerskomitee moet 'n aangestelde lid onmiddellik van sy of haar amp onthef indien daardie lid—
(*a*) versuim het om subartikel (2) na te kom;
(*b*) versuim het om drie opeenvolgende vergaderings van die raad sonder die voorafverkreë verlof van die voorsitter by te woon, soos aangeteken in die notules van daardie vergaderings;
(*c*) weens volgehoue ernstige swak gesondheid nie in staat is om sy of haar werksaamhede doeltreffend te verrig nie; of
(*d*) deur 'n bevoegde hof geestesongesteld verklaar is.

(4) Die Aandeelhouerskomitee kan, op dieselfde datum en voorwaardes, al die aangestelde lede van die raad van hul ampte onthef indien—
(*a*) hulle versuim het om die beheerooreenkoms en die sake- en finansiële plan wesenlik na te kom; en
(*b*) die Aandeelhouerskomitee—
(i) elke aangestelde lid van die raad afsonderlik skriftelik in kennis gestel het van die aard van sodanige versuim en, binne sewe dae vanaf die datum van sodanige kennisgewing, 'n afskrif van die kennisgewing in die Parlement ter tafel gelê het of, indien die Parlement nie dan in sessie is nie, 'n afskrif van die kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer het;
(ii) die raad 'n redelike geleentheid gebied het om 'n skriftelike voorlegging ten opsigte van daardie kennisgewing aan hom te maak; en
(iii) indien die voorlegging nie die versuim in daardie kennisgewing vermeld, bevredigend verduidelik nie, die raad 'n redelike geleentheid gebied het om die versuim reg te stel en die raad versuim het om dit te doen.

(5) 'n Lid van die raad beklee sy of haar amp vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar.

(6) 'n Lid van die raad kan bedank met skriftelike kennisgewing van een maand aan die Aandeelhouerskomitee.

(7) Die Aandeelhouerskomitee moet vakatures in die raad so spoedig moontlik aanvul ooreenkomstig artikel 8(10).

**Vergaderings van Aandeelhouerskomitee**

**11.** (1) Die Minister is die voorsitter van die Aandeelhouerskomitee.

(2) Die Minister moet die Aandeelhouerskomitee minstens vier keer per jaar byeenroep op die plek en tyd deur die Minister bepaal.

(3) Die Aandeelhouerskomitee moet 'n lid in artikel 6(2)*(b)* of *(c)* bedoel as ondervoorsitter aanstel vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande.

(4) Die Minister of, in sy of haar afwesigheid, die ondervoorsitter, as hy of sy teenwoordig is, sit voor by elke vergadering van die Aandeelhouerskomitee.

(5) Indien beide die Minister en die ondervoorsitter van die Aandeelhouerskomitee nie in staat is om 'n werksaamheid van die voorsitter te verrig nie, moet die ander lede 'n persoon uit eie geledere aanwys om gedurende sodanige onvermoë as voorsitter op te tree.

(6) The Shareholders Committee must determine the procedure in respect of its meetings.

(7) A quorum for a meeting of the Shareholders Committee is half of the appointed members plus one.

(8) The Shareholders Committee must endeavour to reach consensus on any matter considered by it, but in the event that it cannot reach consensus, the decision of the majority of the members present at the meeting in question will, subject to section 12, prevail.

(9) In the event of an equality of votes, the member chairing the meeting has a casting vote in addition to his or her deliberative vote and he or she must exercise such vote to break a deadlock.

(10) No decision of the Shareholders Committee is invalid by reason only of the fact that when the decision was taken a vacancy existed on the Shareholders Committee.

(11) A person appointed, or official seconded in terms of section 17, must compile minutes of the meetings of the Shareholders Committee and make them available to the members of the Shareholders Committee.

**Shareholders Committee's decisions that require special majority**

**12.** Any decision—

*(a)* to change policy or adopt a new policy in terms of section 28(1)*(b)*(iii);

*(b)* to recommend legislation, including amendments to this Act or any other legislation, concerning road traffic matters;

*(c)* to deviate from, or amend, the business and financial plan for the Corporation;

*(d)* to approve the annual report as contemplated in section 22(1);

*(e)* to establish a board and to appoint members of the board in terms of section 8(1);

*(f)* to delegate powers to the board in terms of section 8(4);

*(g)* to approve the national road traffic law enforcement code;

*(h)* to award a contract for the provision of road traffic law enforcement services to provincial authorities and local government bodies, the SAPS and any other statutory transport institution vested with powers to execute road traffic law enforcement;

*(i)* to discharge the chief executive officer;

*(j)* to impose or adjust transaction fees as contemplated in section 24(1)*(a)*;

*(k)* to combine or divide areas of registering authorities as contemplated in section 3 of the National Road Traffic Act, 1996 (Act No. 93 of 1996); or

*(l)* to exempt a local government body from compliance with the road traffic law enforcement code as contemplated in section 33(10),

requires a two-thirds majority in the Shareholders Committee.

**Directives**

**13.** (1) The Shareholders Committee or the board, as the case may be, may in writing issue a directive requiring the chief executive officer to do or not to do what is mentioned in the directive, if the Shareholders Committee or the board, as the case may be, considers it necessary.

(2) Any directive issued in terms of subsection (1) must be consistent with any law administered by the Corporation and must fall within the ambit of the business and financial plan.

(3) The chief executive officer must take all necessary steps to give effect to a directive issued in terms of subsection (1).

(4) The Shareholders Committee must submit a copy of a directive issued in terms of subsection (1) by it to—

*(a)* the Minister who must table it in Parliament within 14 days of the issuing of that directive or, if Parliament is not then in session, within 14 days after the commencement of its next ensuing session; and

*(b)* every MEC who must table it in the provincial legislature concerned within 14 days of the issuing of that directive or, if the legislature is not then in session, within 14 days after the commencement of its next ensuing session.

(6) Die Aandeelhouerskomitee moet die prosedure ten opsigte van sy vergaderings bepaal.

(7) 'n Kworum vir 'n vergadering van die Aandeelhouerskomitee is die helfte van die aangestelde lede plus een.

(8) Die Aandeelhouerskomitee moet poog om eenstemmigheid te bereik oor enige aangeleentheid wat deur hom oorweeg word, maar in die geval dat hy nie eenstemmigheid kan bereik nie, gee die beslissing van die meerderheid van die lede wat op die betrokke vergadering aanwesig is, behoudens artikel 12, die deurslag.

(9) In die geval van 'n staking van stemme, het die lid wat by die vergadering voorsit, benewens sy of haar beraadslagende stem, 'n beslissende stem en hy of sy moet dié stem uitbring om 'n dooie punt op te los.

(10) Geen beslissing van die Aandeelhouerskomitee is ongeldig nie bloot weens die feit dat toe die beslissing geneem is daar 'n vakature in die Aandeelhouerskomitee bestaan het.

(11) 'n Persoon aangestel, of 'n beampte ingevolge artikel 17 afgestaan, moet notule hou van die vergaderings van die Aandeelhouerskomitee en dit aan die lede van die Aandeelhouerskomitee beskikbaar stel.

**Besluite van Aandeelhouerskomitee waarvoor spesiale meerderheid vereis word**

**12.** 'n Besluit—

*(a)* om beleid te verander of om 'n nuwe beleid ingevolge artikel 28(1)*(b)*(iii) aan te neem;

*(b)* om wetgewing aangaande padverkeersaangeleenthede, met inbegrip van wysigings van hierdie Wet of enige ander wetgewing, aan te beveel;

*(c)* om van die sake- en finansiële plan van die Korporasie af te wyk of om dit te wysig;

*(d)* om die jaarlikse verslag soos in artikel 22(1) beoog, goed te keur;

*(e)* om 'n raad of lede van die raad ingevolge artikel 8(1) aan te stel;

*(f)* om bevoegdhede aan die raad te delegeer kragtens artikel 8(4);

*(g)* om die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode goed te keur;

*(h)* om 'n kontrak vir die verskaffing van padverkeer-wetstoepassingsdienste toe te ken aan provinsiale owerhede en plaaslike regeringsliggame, die SAPD en enige ander statutêre vervoerinstelling wat met bevoegdhede beklee is om padverkeerswetstoepassing uit te voer;

*(i)* om die hoof- uitvoerende beampte te ontslaan;

*(j)* om transaksiegelde soos in artikel 24(1)*(a)* beoog, op te lê of aan te pas;

*(k)* om gebiede van registrasie-owerhede te kombineer of te verdeel soos beoog in artikel 33 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996); of

*(l)* om 'n plaaslike regeringsliggaam vry te stel van die nakoming van die padverkeer-wetstoepassingskode soos beoog in artikel 33(10),

vereis 'n tweederde-meerderheid in die Aandeelhouerskomitee.

**Lasgewings**

**13.** (1) Die Aandeelhouerskomitee of die raad, na gelang van die geval, kan 'n skriftelike lasgewing uitreik wat van die hoof- uitvoerende beampte vereis om dit wat in die opdrag genoem word, te doen of nie te doen nie, indien die Aandeelhouerskomitee of die raad, na gelang van die geval, dit nodig ag.

(2) 'n Lasgewing wat ingevolge subartikel (1) uitgereik word, moet bestaanbaar wees met enige wet wat deur die Korporasie geadministreer word, en moet binne die bestek van die sake- en finansiële plan val.

(3) Die hoof- uitvoerende beampte moet al die nodige stappe doen om uitvoering te gee aan 'n lasgewing wat ingevolge subartikel (1) uitgereik is.

(4) Die Aandeelhouerskomitee moet 'n afskrif van 'n lasgewing wat ingevolge subartikel (1) deur hom uitgereik is, voorlê aan—

*(a)* die Minister, wat dit ter tafel moet lê in die Parlement binne 14 dae vanaf die uitreiking van daardie lasgewing of, indien die Parlement nie dan in sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van sy eersvolgende sessie; en

*(b)* elke LUR, wat dit ter tafel moet lê in die betrokke provinsiale wetgewer binne 14 dae vanaf die uitreiking van die lasgewing of, indien die wetgewer nie dan in sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van sy eersvolgende sessie.

(5) The board must submit a copy of a directive issued in terms of subsection (1) by it to the Shareholders Committee who, in turn, must submit it to—

*(a)* the Minister who must table it in Parliament within 14 days of the issuing of that directive or, if Parliament is not then in session, within 14 days after the commencement of its next ensuing session; and

*(b)* every MEC who must table it in the provincial legislature concerned within 14 days of the issuing of that directive or, if the legislature is not then in session, within 14 days after the commencement of its next ensuing session.

**Business and financial plan**

**14.** (1) The financial year of the Corporation spans the period as determined by the Shareholders Committee.

(2) The chief executive officer is responsible for the preparation of the business and financial plan, and to this end, must initiate the preparation of a draft plan in respect of the ensuing three financial years at least six months before the commencement of the first of those three financial years of the Corporation.

(3) For the purpose of subsection (2), the managers of functional units must, in the format and within the period specified in a written instruction issued by the chief executive officer, provide draft inputs relating to the focus of their functional units to the draft business and financial plan.

(4) The chief executive officer must—

*(a)* consolidate the inputs contemplated in subsection (3); and

*(b)* submit the draft business and financial plan to the managers of functional units for comment.

(5) The chief executive officer must, after consideration of any comments received timeously from the managers of functional units , finalise the draft business and financial plan, and at least two months before the commencement of each financial year, submit the plan and any amendments thereto, to the Shareholders Committee for consideration and approval.

(6) The draft business and financial plan must specify—

*(a)* the objectives of the Corporation for each of the ensuing three financial years;

*(b)* the Corporation's scope of business, efficiency, financial performance and pricing of services;

*(c)* the key performance indicators, targets and criteria for assessing the performance of the Corporation;

*(d)* the principles, strategies, policies and budgets for achieving the objectives of the Corporation, which must include the commitment to contract out road traffic service provision to appropriate business groups and, where appropriate, phase in private investment in road traffic;

*(e)* the measures that are necessary to protect the financial soundness of the Corporation, including—

(i) the ring-fencing of functional units; and

(ii) subject to section 34, the provision of business opportunities to the private sector; and

*(f)* the thresholds at which the chief executive officer must obtain the approval of the Shareholders Committee in the awarding of tenders and granting of concessions.

(7) For the purpose of mobilising private sector investment or participation in road traffic as contemplated in section 34, the business and financial plan must, in respect of every road traffic-related asset or service, specify—

*(a)* the nature of the investment or services to be procured;

*(b)* the transfer actions contemplated in section 34 to be undertaken in respect of such a road traffic asset or service;

*(c)* the order of priority in which the actions referred to in paragraph *(b)* are to be undertaken;

*(d)* the appropriate contract to be utilised for the actions referred to in paragraph *(b)*;

(5) Die raad moet 'n afskrif van 'n lasgewing wat ingevolge subartikel (1) deur hom uitgereik is, voorlê aan die Aandeelhouerskomitee, wat dit op sy beurt moet voorlê aan—

*(a)* die Minister, wat dit ter tafel moet lê in die Parlement binne 14 dae vanaf die uitreiking van daardie lasgewing of, indien die Parlement nie dan in sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van sy eersvolgende sessie; en

*(b)* elke LUR, wat dit ter tafel moet lê in die betrokke provinsiale wetgewer binne 14 dae vanaf die uitreiking van die lasgewing of, indien die wetgewer nie dan in sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van sy eersvolgende sessie.

**Sake- en finansiële plan**

**14.** (1) Die finansiële jaar van die Korporasie omvat die tydperk soos deur die Aandeelhouerskomitee bepaal.

(2) Die hoof- uitvoerende beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van die sake- en finansiële plan, en moet vir dié doel minstens ses maande voor die aanvang van die finansiële jaar van die Korporasie die voorbereiding aanvoor van 'n ontwerpplan ten opsigte van die daaropvolgende drie finansiële jare.

(3) Vir die doel van subartikel (2), moet die bestuurders van die funksionele eenhede, in die formaat en binne die tydskaal aangedui in 'n skriftelike opdrag uitgereik deur die hoof- uitvoerende beampte, ontwerpinsette vir die sake- en finansiële ontwerpplan voorsien aangaande die fokus van hulle funksionele eenhede.

(4) Die hoof- uitvoerende beampte moet—

*(a)* die insette in subartikel (3) beoog, konsolideer; en

*(b)* die ontwerpsake- en finansiële plan aan die bestuurders van die funksionele eenhede vir kommentaar voorlê.

(5) Die hoof- uitvoerende beampte moet, na oorweging van enige kommentaar wat betyds van die bestuurders van funksionele eenhede ontvang is, die ontwerpsake- en finansiële plan finaliseer en die plan en enige wysigings daarvan, minstens twee maande voor die aanvang van elke finansiële jaar, aan die Aandeelhouerskomitee vir oorweging en goedkeuring voorlê.

(6) Die sake- en finansiële ontwerpplan moet vermeld—

*(a)* die oogmerke van die Korporasie vir elk van die opvolgende drie finansiële jare;

*(b)* die Korporasie se omvang van sake, effektiwiteit, finansiële prestasie en prysvasstelling van dienste;

*(c)* die sleutelprestasie-aanwysers, doelwitte en maatstawwe om die prestasie van die Korporasie aan te slaan;

*(d)* die beginsels, strategieë, beleidsrigtings en begrotings ter bereiking van die oogmerke van die Korporasie, waarby inbegrepe moet wees die verbintenis om padverkeersdiensverskaffing uit te kontrakteer aan gepaste sakegroepe en, waar gepas, privaatbelegging in padverkeer in te faseer;

*(e)* die maatreëls wat nodig is om die finansiële gesondheid van die Korporasie te beskerm, met inbegrip van—

(i) die omheining van funksionele eenhede; en

(ii) die voorsiening van sakegeleenthede aan die privaatsektor, behoudens artikel 34; en

*(f)* die drempels waarbo die hoof- uitvoerende beampte die goedkeuring van die Aandeelhouerskomitee moet verkry vir die toekenning van tenders en die verlening van konsessies.

(7) Vir die doel van die mobilisering van private- sektor-belegging in of deelname aan padverkeer soos in artikel 34 beoog, moet die sake- en finansiële plan ten opsigte van elke verkeersverwante bate of diens aandui—

*(a)* die aard van die belegging of dienste wat verkry moet word;

*(b)* die oordragaksies in artikel 34 beoog wat ten opsigte van so 'n padverkeersbate of -diens onderneem moet word;

*(c)* die prioriteitsvolgorde waarin die aksies in paragraaf *(b)* bedoel, onderneem moet word;

*(d)* die gepaste kontrak wat gebruik moet word vir die aksies in paragraaf *(b)* bedoel;

(*e*) whether the road traffic asset or service can be operated at a reasonable rate of return or whether such asset or service can only be provided in terms of a negative concession;

(*f*) the nature and levels of essential public service obligations;

(*g*) the potential for unbundling road traffic services or bundling road traffic services with each other or with other transport or non-transport related services; and

(*h*) the period within which any actions in terms of paragraph (*b*) must be completed.

(8) The Minister and each MEC serving on the Shareholders Committee must cause copies of the approved business and financial plan to be tabled in Parliament and every provincial legislature, as the case may be, within 14 days of receipt of that plan or, if Parliament or the provincial legislature concerned is not then in session, within 14 days after commencement of its next ensuing session.

(9) Failure by the Corporation to comply with any provision of the business and financial plan does not affect the validity or enforceability of any agreement, right, obligation or liability entered into, acquired or incurred by the Corporation.

**Appointment of chief executive officer**

**15.** (1) The Shareholders Committee must, subject to subsection (3), appoint a chief executive officer of the Corporation within one month after the date of commencement of this Act.

(2) For the purpose of subsection (1), the Shareholders Committee must invite applications for the post of chief executive officer by publishing an advertisement in the media.

(3) Any person appointed as chief executive officer of the Corporation must—

(*a*) have at least five years managerial experience of which at least three years must have been gained in an executive capacity;

(*b*) be knowledgeable about road traffic affairs; and

(*c*) be a South African citizen, unless the Shareholders Committee determines otherwise.

(4) The appointment of the chief executive officer is subject to the conclusion of a performance contract between such officer and the Shareholders Committee.

(5) A chief executive officer is appointed for a period of five years, on the completion of which the post must be advertised in the manner specified in subsection (2).

(6) A chief executive officer is eligible for reappointment after the expiration of the period of appointment referred to in subsection (5).

(7) The chief executive officer holds office, subject to subsections (8) and (9), on the terms and conditions, including remuneration and allowances, as determined in writing by the Shareholders Committee, after consultation with the Minister of Finance.

(8) The chief executive officer may not engage in any other paid employment and may not participate in any activity in respect of which he or she is in any way remunerated or receives any benefits or allowances, without the prior written approval of the Shareholders Committee.

(9) The chief executive officer or his or her spouse, immediate family member, life partner or business associate, may not hold any direct or indirect financial interest in any road traffic activity or the road traffic industry—

(*a*) without the prior approval of the Shareholders Committee; and

(*b*) unless the minutes of the meeting of the Shareholders Committee reflecting such approval are open to inspection by the public at the head office of the Corporation during business hours.

**Publication and reporting**

**16.** (1) The Shareholders Committee must, as soon as is practicable after each meeting and by notice in the *Gazette*, every *Provincial Gazette* and the media, cause full particulars to be published of a policy decided on in terms of section 28(1)*(b)*(iii).

(2) The Shareholders Committee must present to Parliament and each provincial legislature, an annual written report as referred to in section 22(4) on its activities.

*(e)* of die padverkeersbate of -diens teen 'n redelike opbrengskoers bedryf kan word en of sodanige bate of diens slegs ingevolge 'n negatiewe konsessie voorsien kan word;

*(f)* die aard en vlakke van noodsaaklike openbare diensverpligtinge;

*(g)* die potensiaal vir ontbondeling van padverkeersdienste of die bondeling van padverkeersdienste met mekaar of met ander vervoer- of nie-vervoer-verwante dienste; en

*(h)* die tydperk waarbinne enige aksies ingevolge paragraaf *(b)* voltooi moet word.

(8) Die Minister en elke LUR wat in die Aandeelhouerskomitee dien, moet toesien dat afskrifte van die goedgekeurde sake- en finansiële plan in die Parlement en elke provinsiale wetgewer, na gelang van die geval, ter tafel gelê word binne 14 dae vanaf die ontvangs van daardie plan of, indien die Parlement of 'n provinsiale wetgewer nie dan in sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van sy eersvolgende sessie.

(9) Versuim deur die Korporasie om enige bepaling van die sake- en finansiële plan na te kom, raak nie die geldigheid of afdwingbaarheid nie van enige ooreenkoms, reg, verpligting of aanspreeklikheid deur die Korporasie aangegaan, verkry of opgedoen.

**Aanstelling van hoof- uitvoerende beampte**

**15.** (1) Die Aandeelhouerskomitee moet, behoudens subartikel (3), binne een maand na die datum van die inwerkingtreding van hierdie Wet, 'n hoof- uitvoerende beampte van die Korporasie aanstel.

(2) By die toepassing van subartikel (1), moet die Aandeelhouerskomitee aansoeke om die pos van hoof- uitvoerende beampte vra deur 'n advertensie in die media te publiseer.

(3) Iemand wat as hoof- uitvoerende beampte aangestel word, moet—

*(a)* minstens vyf jaar bestuursondervinding hê, waarvan minstens drie jaar in 'n uitvoerende hoedanigheid opgedoen moes gewees het;

*(b)* goed onderleg wees in padverkeersaangeleenthede; en

*(c)* 'n Suid-Afrikaanse burger wees, tensy die Aandeelhouerskomitee anders bepaal.

(4) Die aanstelling van die hoof- uitvoerende beampte is onderworpe aan die sluiting van 'n prestasiekontrak tussen dié beampte en die Aandeelhouerskomitee.

(5) 'n Hoof- uitvoerende beampte word aangestel vir 'n termyn van vyf jaar, by die verstryking waarvan die pos geadverteer moet word op die wyse in subartikel (2) vermeld.

(6) 'n Hoof- uitvoerende beampte kan weer aangestel word na die verstryking van die aanstellingstermyn in subartikel (5) bedoel.

(7) Die hoof- uitvoerende beampte beklee sy of haar amp, behoudens subartikels (8) en (9), op die bedinge en voorwaardes, met inbegrip van vergoeding en toelaes, wat die Aandeelhouerskomitee na oorlegpleging met die Minister van Finansies skriftelik bepaal.

(8) Die hoof- uitvoerende beampte mag nie sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die Aandeelhouerskomitee by enige ander besoldige werk betrokke wees nie en mag nie aan enige bedrywigheid ten opsigte waarvan hy of sy op enige wyse vergoed word of enige voordele of toelaes ontvang, deelneem nie.

(9) Die hoof- uitvoerende beampte of sy of haar gade, onmiddellike familielid, lewensmaat of sakegenoot mag nie enige direkte of indirekte finansiële belang in enige padverkeersaktiwiteit of die padverkeersbedryf hê nie—

*(a)* sonder die voorafverkreë goedkeuring van die Aandeelhouerskomitee; en

*(b)* tensy die notule van die vergadering van die Aandeelhouerskomitee waarin sodanige goedkeuring aangeteken is vir die publiek by die hoofkantoor van die Korporasie gedurende besigheidsure ter insae lê.

**Publikasie en verslagdoening**

**16.** (1) Die Aandeelhouerskomitee moet so gou doenlik na elke vergadering en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, elke *Provinsiale Koerant* en die media volle besonderhede laat publiseer van 'n beleid waarop ingevolge artikel 28(1)*(b)*(iii) besluit is.

(2) Die Aandeelhouerskomitee moet aan die Parlement en elke provinsiale wetgewer 'n jaarlikse skriftelike verslag bedoel in artikel 22(4) voorlê oor sy bedrywighede.

### Secretariat

**17.** The Minister may appoint as many persons or, in accordance with section 15 of the Public Service Act, 1994 (Proclamation No. 103 of 1994), second as many officials employed by the national Department of Transport, as he or she may reasonably determine to be necessary for administrative support and performance of the secretarial functions of the Shareholders Committee.

### Establishment of functional units

**18.** (1) The Shareholders Committee must, as part of the organisational structuring of the Corporation, establish as many functional units as are required in accordance with the business and financial plan, to ensure effective management of, at least, the following functional areas:

*(a)* road traffic law enforcement;
*(b)* training of traffic personnel;
*(c)* vehicle registration and licensing;
*(d)* vehicle and roadworthiness testing;
*(e)* testing and licensing of drivers;
*(f)* road traffic information;
*(g)* accident investigations and recording thereof;
*(h)* communication and education;
*(i)* infrastructure safety audits; and
*(j)* administrative adjudication of road traffic offences.

(2) A functional unit may be structured to best give effect to country-wide functioning.

(3) A manager appointed in terms of section 19(1) is responsible for the day-to-day functioning of a functional unit, and must manage the unit—

*(a)* on a commercial basis in accordance with the business and financial plan; and
*(b)* independently from any other functional unit as a financially ring-fenced unit.

(4) The manager of a functional unit may, subject to the approval of the Shareholders Committee, conclude a contract with the manager of any other functional unit to provide services to that other unit for compensation.

### Appointment of managers of functional units

**19.** (1) The chief executive officer must appoint a manager for each functional unit established in terms of section 18(1) within one month after the establishment of the functional unit.

(2) For the purpose of subsection (1), the chief executive officer must invite applications for the post of manager by publishing an advertisement in the media.

(3) Any person appointed to the post of manager must—

*(a)* be knowledgeable about road traffic management and operations;
*(b)* have proven executive managerial experience; and
*(c)* be a South African citizen.

(4) The appointment of a manager of a functional unit is subject to the conclusion of a performance contract, approved by the Shareholders Committee, between that manager and the chief executive officer.

(5) A manager is appointed for a period of five years, on completion of which the post must be advertised in the manner specified in subsection (2).

(6) A manager of a functional unit is eligible for reappointment after the expiration of the period of appointment referred to in subsection (5).

(7) A manager of a functional unit holds office on such terms and conditions, including remuneration and allowances, as approved by the Shareholders Committee after consultation with the Minister of Finance.

### Staff of Corporation

**20.** (1) The chief executive officer may, on such conditions as the Shareholders Committee determines, appoint the employees that are necessary to enable the Corporation to properly carry out its functions.

**Sekretariaat**

**17.** Die Minister kan soveel persone aanstel, of in ooreenstemming met artikel 15 van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), soveel beamptes in diens van die nasionale Departement van Vervoer afstaan, as wat hy of sy redelikerwys as nodig bepaal vir administratiewe bystand en verrigting van die sekretariële werksaamhede van die Aandeelhouerskomitee.

**Instelling van funksionele eenhede**

**18.** (1) Die Aandeelhouerskomitee moet, as deel van die organisatoriese strukturering van die Korporasie, soveel funksionele eenhede as wat nodig is in ooreenstemming met die sake- en finansiële plan instel om doeltreffende bestuur te verseker van minstens die volgende funksionele gebiede:

*(a)* padverkeerwetstoepassing;
*(b)* opleiding van verkeerspersoneel;
*(c)* voertuigregistrasie en -lisensiëring;
*(d)* voertuig- en padwaardigheidstoetsing;
*(e)* toetsing en lisensiëring van bestuurders;
*(f)* padverkeersinligting;
*(g)* ongeluksondersoeke en aantekening daarvan;
*(h)* kommunikasie en opvoeding;
*(i)* ouditering van infrastruktuurveiligheid; en
*(j)* administratiewe beregting van padverkeersmisdrywe.

(2) 'n Funksionele eenheid kan gestruktureer word om op die beste wyse uitvoering te gee aan landswye funksionering.

(3) 'n Bestuurder wat ingevolge artikel 19(1) aangestel is, is verantwoordelik vir die dag-tot-dag-funksionering van 'n funksionele eenheid, en moet die eenheid bestuur—

*(a)* op 'n handelsgrondslag ooreenkomstig die sake- en finansiële plan; en
*(b)* onafhanklik van enige ander funksionele eenheid, as 'n finansieël omheinde eenheid.

(4) Die bestuurder van 'n funksionele eenheid kan, onderworpe aan die goedkeuring van die Aandeelhouerskomitee, 'n kontrak met die bestuurder van enige ander funksionele eenheid aangaan om teen vergoeding dienste aan daardie ander eenheid te verskaf.

**Aanstelling van bestuurders van funksionele eenhede**

**19.** (1) Die hoof- uitvoerende beampte moet vir elke funksionele eenheid wat ingevolge artikel 18(1) ingestel is, 'n bestuurder aanstel binne een maand na die instelling van die funksionele eenheid.

(2) By die toepassing van subartikel (1), moet die hoof- uitvoerende beampte aansoeke om die pos van bestuurder aanvra deur 'n advertensie in die media te publiseer.

(3) Iemand wat in die pos van bestuurder aangestel word, moet—

*(a)* goed onderleg wees in padverkeersbestuur en -bedrywighede;
*(b)* beskik oor bewese ondervinding van uitvoerende bestuur; en
*(c)* 'n Suid-Afrikaanse burger wees.

(4) Die aanstelling van 'n bestuurder van 'n funksionele eenheid is onderworpe aan die sluit van 'n prestasiekontrak, wat deur die Aandeelhouerskomitee goedgekeur is, tussen daardie bestuurder en die hoof- uitvoerende beampte.

(5) 'n Bestuurder word vir 'n termyn van vyf jaar aangestel, by voltooiing waarvan die pos geadverteer moet word op die wyse in subartikel (2) vermeld.

(6) 'n Bestuurder van 'n funksionele eenheid kan heraangestel word na die verstryking van die termyn van aanstelling in subartikel (5) bedoel.

(7) 'n Bestuurder van 'n funksionele eenheid beklee sy of haar amp op die bedinge en voorwaardes, met inbegrip van vergoeding en toelaes, wat die Aandeelhouerskomitee na oorlegpleging met die Minister van Finansies goedkeur.

**Personeel van Korporasie**

**20.** (1) Die hoof- uitvoerende beampte kan, op die voorwaardes wat die Aandeelhouerskomitee bepaal, die werknemers aanstel wat nodig is om die Korporasie in staat te stel om sy werksaamhede behoorlik te verrig.

(2) The Corporation pays its employees out of its funds such remuneration, allowances, subsidies and other benefits as determined by the Shareholders Committee on the advice of the chief executive officer and after consultation with the Minister of Finance.

(3) The Minister or a MEC may, after consultation with the Shareholders Committee, the Public Service Commission and the Head of the Department concerned, and with the written consent of an official in the employ of the national or provincial Department of Transport, make available the services of that official to the Corporation.

**Business groups**

**21.** The chief executive officer may, in accordance with the business and financial plan and subject to section 37 and Chapter 6, contractually appoint one or more business groups for each functional unit to provide road traffic services related to the functional areas concerned.

**Annual report**

**22.** (1) The chief executive officer must, at the end of each financial year, submit to the Shareholders Committee for its approval an annual report pertaining to the financial state of affairs and business of the Corporation and its functional units as at the end of that financial year, consisting of—

*(a)* a balance sheet, an income statement and a cash-flow statement which is a true and correct reflection of the state of affairs of the Corporation as at the end of that financial year;

*(b)* a report on the Corporation in terms of subsection (2);

*(c)* a report by the auditor of the Corporation, who must be registered in terms of section 15 of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1991 (Act No. 80 of 1991), in accordance with subsection (3); and

*(d)* any other statement or report which the Shareholders Committee may reasonably require.

(2) The report referred to in subsection (1)*(b)* must deal with the state of affairs, the activities and operations, and the financial position of the Corporation, and must—

*(a)* state the extent to which the Corporation, during the financial year concerned, has achieved or advanced its objectives, and refer specifically to—

(i) the levels of private investment in road traffic;

(ii) the levels of contracting out to national authorities, provincial authorities, local government bodies, the SAPS, any other statutory transport institution vested with road traffic powers and the private sector; and

(iii) the degree to which public funding of road traffic is decreased, including any reduction of public funding of negative concessions;

*(b)* contain relevant performance information regarding the economical, efficient and effective application of resources including a comparison between planned and actual performance indicators as set out in the business and financial plan; and

*(c)* indicate the amount of money, if any, received from the State and any other commitment furnished by the State.

(3) The auditor's report referred to in subsection (1)*(c)* must state separately in respect of each of the following matters whether in the auditor's opinion—

*(a)* the balance sheet, income statement and cash-flow statement, as well as any other furnished information, fairly represent the financial position and results obtained by the Corporation in accordance with generally accepted accounting practice, as applied on a basis consistent with that of the preceding year;

*(b)* the information furnished in terms of paragraph *(a)* is fair in all material respects and, if applicable, on a basis consistent with that of the preceding year;

*(c)* the transactions that had come to his or her attention during auditing were in all material respects in accordance with the law and the objects and functions of the Corporation;

(2) Die Korporasie betaal sy werknemers uit sy fondse die vergoeding, toelaes, subsidies en ander voordele wat die Aandeelhouerskomitee, op advies van die hoof-uitvoerende beampte en na oorlegpleging met die Minister van Finansies, bepaal.

(3) Die Minister of 'n LUR kan, na oorlegpleging met die Aandeelhouerskomitee, die Staatsdienskommissie en die Hoof van die betrokke Departement en met die skriftelike toestemming van 'n beampte in diens van die nasionale of provinsiale Departement van Vervoer, die dienste van daardie beampte tot die beskikking van die Korporasie stel.

**Sakegroepe**

**21.** Die hoof- uitvoerende beampte kan, ooreenkomstig die sake- en finansiële plan en onderworpe aan artikel 37 en Hoofstuk 6, een of meer sakegroepe vir elke funksionele eenheid kontraktueel aanstel om padverkeersdienste wat betrekking het op die betrokke funksionele gebiede, te verskaf.

**Jaarverslag**

**22.** (1) Die hoof- uitvoerende beampte moet aan die einde van elke finansiële jaar 'n jaarverslag met betrekking tot die finansiële toedrag van aangeleenthede en sake van die Korporasie en sy samestellende funksionele eenhede aan die einde van daardie finansiële jaar, vir goedkeuring aan die Aandeelhouerskomitee voorlê, bestaande uit—

*(a)* 'n balansstaat, 'n inkomstestaat en 'n kontantvloeistaat wat 'n ware en korrekte weergawe is van die toedrag van sake van die Korporasie soos die einde van daardie finansiële jaar;

*(b)* 'n verslag oor die Korporasie ingevolge subartikel (2);

*(c)* 'n verslag deur die ouditeur van die Korporasie wat geregistreer moet wees ingevolge artikel 15 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeure, 1991 (Wet No. 80 van 1991), ingevolge subartikel (3); en

*(d)* enige ander staat of verslag wat die Aandeelhouerskomitee redelikerwys kan vereis.

(2) Die verslag in subartikel (1)*(b)* bedoel, moet die toedrag van sake, die aktiwiteite en bedrywe, en die finansiële posisie van die Korporasie behandel, en moet—

*(a)* die mate verklaar waarin die Korporasie gedurende die betrokke finansiële jaar sy oogmerke bereik of bevorder het, en in die besonder verwys na—

(i) die vlakke van private belegging in padverkeer;

(ii) die vlakke van uitkontraktering aan nasionale owerhede, provinsiale owerhede, plaaslike regeringsliggame, die SAPD, enige ander statutêre vervoerinstelling wat beklee is met padverkeerbevoegdhede en die private sektor; en

(iii) die mate waarin openbare finansiering van padverkeer afgeneem het, met inbegrip van enige vermindering van openbare finansiering van negatiewe konsessies;

*(b)* relevante prestasie-inligting bevat aangaande die ekonomiese, doeltreffende en effektiewe aanwending van hulpbronne, met inbegrip van 'n vergelyking tussen beplande and werklike prestasie-aanwysers soos uiteengesit in die sake- en finansiële plan; en

*(c)* die bedrag geld aandui, as daar is, wat ontvang is van die Staat en enige ander verbintenis wat deur die Staat voorsien is.

(3) Die ouditeur se verslag in subartikel (1)*(c)* bedoel, moet afsonderlik aandui of—

*(a)* die balansstaat, inkomstestaat en kontant-vloeistaat, asook enige ander inligting wat verstrek is, die finansiële posisie en resultate wat behaal is deur die Korporasie na sy of haar mening billik voorstel, ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, soos toegepas op 'n grondslag wat bestaanbaar is met dié van die voorafgaande jaar;

*(b)* die inligting wat ingevolge paragraaf *(a)* verstrek is, in alle wesenlike opsigte billik is en, indien van toepassing, op 'n grondslag is wat na sy of haar mening bestaanbaar is met dié van die voorafgaande jaar;

*(c)* die transaksies wat onder sy of haar aandag gekom het tydens die ouditeringsondersoek in alle wesenlike opsigte na sy of haar mening in ooreenstemming was met die reg, die doelwitte en werksaamhede van die Korporasie;

## CHAPTER 3
## FUNDING

### Finance

**24.** (1) The Corporation is funded from—

*(a)* monies prescribed, subject to section 48(1)*(b)*, which must include transaction fees charged by the Corporation for the sale of services;

*(b)* penalties and fines payable to the Corporation as an issuing authority in terms of section 32 of the Administrative Adjudication of Road Traffic Offences Act, 1998 (Act No. 46 of 1998);

*(c)* interest on invested cash balances; and

*(d)* monies appropriated by Parliament.

(2) The Corporation must, with the concurrence of the Minister of Finance and every MEC responsible for finance, ensure that all fines and penalties paid to the Corporation as an issuing authority in terms of the Administrative Adjudication of Road Traffic Offences Act, 1998, are utilised by the Corporation in respect of road traffic management.

(3) At the end of each financial year the chief executive officer must report to the Shareholders Committee on any surplus funds of the Corporation, as may be determined by the Minister and every MEC with the concurrence of the Minister of Finance and every MEC responsible for finance in each province.

(4) The Shareholders Committee may direct that payments be made from the surplus funds to a province, but such payments must be proportionate to the relative contribution to the profits generated through the provision of road traffic services in the province or received by an agent acting on behalf of the Corporation within the geographical area of the province.

(5) The Corporation must open and maintain one or more accounts with a bank registered finally as a bank in terms of the Banks Act, 1990 (Act No. 94 of 1990), in which must be deposited the money received by the Corporation and from which payments for it or on its behalf must be made.

### Financial viability

**25.** (1) The chief executive officer is the accounting officer of the Corporation and must ensure that the expenses of the Corporation do not exceed its income.

(2) The Shareholders Committee or the board, as the case may be, must ensure that any directive issued in terms of section 13 falls within the parameters of the business and financial plan.

(3) The Shareholders Committee must obtain the concurrence of the Minister of Finance and every MEC responsible for finance to place at the disposal of the Corporation additional funding from either the national budget or a provincial budget in respect of—

*(a)* any directive that has financial implications not foreseen in the business and financial plan; or

*(b)* any cost or expense which—

(i) is a direct result of any directive issued by the Shareholders Committee or the board, as the case may be; and

(ii) the Corporation cannot readily recover from users of road traffic services or any other person who has benefited from any action taken by the Corporation in complying with that directive.

### Application of Reporting by Public Entities Act

**26.** The Reporting by Public Entities Act, 1992 (Act No. 93 of 1992), applies to the Corporation after it has been entered as a listed entity as defined in section 1 of that Act.

## HOOFSTUK 3
## FINANSIERING

**Finansiering**

**24.** (1) Die Korporasie word gefinansier uit—

*(a)* behoudens artikel 48(1)*(b)*, voorgeskrewe gelde wat transaksiegelde wat deur die Korporasie vir die verkoop van dienste gevorder word, insluit;

*(b)* strafboetes en boetes wat betaalbaar is aan die Korporasie as 'n uitreikingsgesag ingevolge artikel 32 van die Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe, 1998 (Wet No. 46 van 1998);

*(c)* rente op kontantsaldo's wat belê is; en

*(d)* gelde wat deur die Parlement bewillig is.

(2) Die Korporasie moet, met die instemming van die Minister van Finansies en elke LUR verantwoordelik vir finansies, verseker dat alle boetes en strafboetes wat aan die Korporasie as 'n uitreikingsgesag ingevolge die Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe, 1998, betaal word, deur die Korporasie vir padverkeersbestuur gebruik word.

(3) Aan die einde van elke finansiële jaar moet die hoof- uitvoerende beampte aan die Aandeelhouerskomitee verslag doen oor enige surplusfondse van die Korporasie, soos bepaal mag word deur die Minister en elke LUR met die instemming van die Minister van Finansies en elke LUR verantwoordelik vir finansies in elke provinsie.

(4) Die Aandeelhouerskomitee kan gelas dat betalings uit die surplusfondse aan 'n provinsie gedoen kan word, maar sulke betalings moet eweredig wees aan die relatiewe bydrae tot die winste wat voortspruit uit die voorsiening van padverkeersdienste in die provinsie of ontvang is deur 'n agent wat ten behoewe van die Korporasie in die geografiese gebied van die provinsie optree.

(5) Die Korporasie moet een of meer rekeninge open en onderhou by 'n bank wat finaal geregistreer is as 'n bank ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), waarin die geld wat deur die Korporasie ontvang is, gedeponeer moet word, en waaruit betalings deur of namens hom gedoen moet word.

**Finansiële lewensvatbaarheid**

**25.** (1) Die hoof- uitvoerende beampte is die rekenpligtige beampte van die Korporasie, en moet verseker dat die uitgawes van die Korporasie nie sy inkomste oorskry nie.

(2) Die Aandeelhouerskomitee of die raad, na gelang van die geval, moet seker maak dat 'n lasgewing wat kragtens artikel 13 uitgereik word binne die perke van die sake- en finansiële plan val.

(3) Die Aandeelhouerskomitee moet die instemming van die Minister van Finansies en elke LUR verantwoordelik vir finansies verkry om addisionele fondse uit die nasionale begroting of 'n provinsiale begroting tot die beskikking van die Korporasie te stel ten opsigte van—

*(a)* enige lasgewing wat finansiële implikasies het en wat nie in die sake- en finansiële plan voorsien is nie; of

*(b)* enige koste of uitgawe wat—

(i) 'n direkte gevolg is van 'n lasgewing wat deur die Aandeelhouerskomitee of die raad, na gelang van die geval, uitgereik is; en

(ii) die Korporasie nie geredelik kan verhaal nie van gebruikers van padverkeersdienste of 'n ander persoon wat voordeel getrek het uit enige stappe wat deur die Korporasie ter nakoming van daardie lasgewing gedoen is.

**Toepassing van Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite**

**26.** Die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite, 1992 (Wet No. 93 van 1992), is op die Korporasie van toepassing nadat hy opgeneem is as 'n gelyste entiteit soos omskryf in artikel 1 van daardie Wet.

## CHAPTER 4
## FUNCTIONS

### Principal function of Corporation

**27.** The Corporation and its organs must, jointly and individually, act—

(a) in the public interest; and

(b) within the confines of—

(i) the approved business and financial plan;

(ii) the governance agreement concluded on the appointment of a board by a decision of the Shareholders Committee;

(iii) the performance contract concluded between the Shareholders Committee and the chief executive officer referred to in section 15(4); and

(iv) performance contracts concluded between the chief executive officer and the respective managers of the functional units referred to in section 19(4),

to enhance the overall quality of road traffic management and service provision.

### Functions of Shareholders Committee

**28.** (1) The Shareholders Committee must—

(a) ensure proper monitoring of the Corporation's performance and the attainment of its objectives, including—

(i) the level and scope of performance of the Corporation with reference to the business and financial plan;

(ii) the performance of public service obligations by the Corporation; and

(iii) the impact of investment contracts contemplated in section 37 and performance contracts as contemplated in sections 15(4) and 19(4),

by scrutinising reports submitted by the chief executive officer, in terms of section 29*(h)*, including reports, in terms of section 29*(c)* concerning the implementation of directives issued to the chief executive officer;

(b) after appropriate consultation, decide—

(i) which functions are to be carried out by each of the organs of the Corporation;

(ii) on proposed legislation, including amendments to this Act or any other legislation, concerning road traffic matters;

(iii) on a change in a policy or the adoption of a new policy by the Corporation;

(iv) on the suitability of proposals for the achievement of objectives; and

(v) to recommend the conclusion of an international agreement;

(c) approve the final draft of—

(i) the business and financial plan and any amendment thereto as contemplated in section 14(5);

(ii) the annual report as contemplated in section 22(1);

(iii) the national road traffic law enforcement code as contemplated in section 32; and

(iv) the governance agreement;

(d) after appropriate consultation where consultation is required, approve—

(i) the awarding of tenders or the granting of concessions above the thresholds as set out in the business and financial plan; and

(ii) transactions entered into to give effect to transfer actions contemplated in section 34;

(e) consult on, and facilitate, the implementation of this Act or any other law relating to road traffic regulation;

(f) consider the need for research and technical investigation relating to road traffic regulation, and take steps for it to be conducted;

(g) require statements and reports from managers of functional units that may be reasonably required in the interest of informed decision-making;

(h) respond to complaints received from the public and investigate complaints against the chief executive officer in terms of section 39(3);

## HOOFSTUK 4
## WERKSAAMHEDE

**Vernaamste werksaamheid van Korporasie**

**27.** Die Korporasie en sy organe moet, gesamentlik en afsonderlik, optree—

*(a)* in die openbare belang; en

*(b)* binne die grense van—

(i) die goedgekeurde sake- en finansiële plan;

(ii) die beheerooreenkoms wat aangegaan is by die aanstelling van 'n raad deur 'n besluit van die Aandeelhouerskomitee;

(iii) die prestasiekontrak bedoel in artikel 15(4) wat tussen die Aandeelhouerskomitee en die hoof- uitvoerende beampte gesluit is; en

(iv) prestasiekontrakte bedoel in artikel 19(4), wat tussen die hoof-uitvoerende beampte en die bestuurders van die funksionele eenhede gesluit is,

om die algehele kwaliteit van bestuur en diensverskaffing van padverkeer te verhoog.

**Werksaamhede van Aandeelhouerskomitee**

**28.** (1) Die Aandeelhouerskomitee moet—

*(a)* behoorlike monitering van die Korporasie se prestasie en bereiking van oogmerke verseker, met inbegrip van—

(i) die vlak en omvang van prestasie van die Korporasie met verwysing na die sake- en finansiële plan;

(ii) die verrigting van openbare diensverpligtinge deur die Korporasie; en

(iii) die uitwerking van beleggingskontrakte beoog in artikel 37 en prestasiekontrakte beoog in artikels 15(4) en 19(4),

deur bestudering van verslae wat deur die hoof- uitvoerende beampte ingevolge artikel 29*(h)* voorgelê is, met inbegrip van verslae ingevolge artikel 29*(c)* oor die implementering van lasgewings wat aan die hoof-uitvoerende beampte uitgereik is;

*(b)* na gepaste oorlegpleging besluit—

(i) welke werksaamhede deur elk van die organe van die Korporasie uitgevoer moet word;

(ii) oor voorgestelde wetgewing, met inbegrip van wysigings van hierdie Wet of enige ander wetgewing betreffende padverkeersaangeleenthede;

(iii) oor 'n verandering in 'n beleid of die aanneem van 'n nuwe beleid deur die Korporasie;

(iv) oor die geskiktheid van voorstelle vir die bereiking van oogmerke; en

(v) om die sluiting van 'n internasionale ooreenkoms aan te beveel;

*(c)* die finale konsep goedkeur van—

(i) die sake- en finansiële plan en enige wysiging daaraan, beoog in artikel 14(5);

(ii) die jaarverslag, beoog in artikel 22(1);

(iii) die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode, beoog in artikel 32; en

(iv) die beheerooreenkoms;

*(d)* na gepaste oorlegpleging waar oorlegpleging vereis word—

(i) die toekenning van tenders of die verlening van konsessies bokant die drempels uiteengesit in die sake- en finansiële plan goedkeur; en

(ii) transaksies wat aangegaan word om uitvoering te gee aan oordragsaksies beoog in artikel 34 goedkeur;

*(e)* oorleg pleeg oor, en help met, die implementering van hierdie Wet of enige ander wet met betrekking tot padverkeersreëling;

*(f)* die behoefte aan navorsing en tegniese ondersoek met betrekking tot padverkeersreëling oorweeg en stappe doen om dit uit te voer;

*(g)* state en verslae, wat redelikerwys vereis kan word in belang van ingeligte besluitneming, vereis van bestuurders van funksionele eenhede;

*(h)* antwoord op klagtes wat van die publiek ontvang word, en klagtes teen die hoof- uitvoerende beampte ingevolge artikel 39(3) ondersoek;

*(i)* publish full particulars of policies decided on in the *Gazette* and every *Provincial Gazette*;

*(j)* exercise and perform on behalf of the Corporation the powers and duties which have been conferred to the Corporation by contractual agreement between the MEC and the chief executive officer in terms of section 31; and

*(k)* exercise and perform all the powers and duties conferred or imposed on it by this Act or by any other law.

(2) The Shareholders Committee may—

*(a)* authorise the chief executive officer to assign functions to the managers of functional units;

*(b)* issue a directive to a member of the public on conclusion of an enquiry by the chief executive officer;

*(c)* re-open an enquiry; and

*(d)* review the findings of an enquiry or refuse a request to review the findings.

(3) The Shareholders Committee may for the purposes of regulations to be made in terms of section 48—

*(a)* establish an advisory regulations committee;

*(b)* determine the purpose and functions of the advisory regulations committee in respect of regulations, or effect amendments thereto;

*(c)* make appointments to the committee, including the chairperson and the deputy chairperson;

*(d)* remove members from the committee; and

*(e)* dissolve the committee.

(4) The Shareholders Committee, in appointing a member of the advisory regulations committee, must consider—

*(a)* the powers and duties of the committee;

*(b)* the need for the committee to represent various relevant interests; and

*(c)* the expertise necessary for the committee to exercise its powers and perform its functions effectively.

**Functions of chief executive officer**

**29.** The chief executive officer of the Corporation must, subject to the performance contract contemplated in section 15(4)—

*(a)* manage and control the day-to-day affairs of the Corporation in accordance with the business and financial plan;

*(b)* undertake, in accordance with this Act and any other legislation concerning road traffic matters, the provision and rendering of road traffic services;

*(c)* execute any directive of the Shareholders Committee issued in terms of section 13 and report to the Shareholders Committee on the implementation of the directive;

*(d)* undertake research into road traffic matters;

*(e)* after consultation with the Minister of Finance and every MEC responsible for finance, draw up a governance agreement to be concluded between the Shareholders Committee and the board, on the appointment of the board;

*(f)* facilitate private sector investment by—

(i) undertaking feasibility and investment studies to ascertain technical, commercial and economical viability of projects;

(ii) assisting the private sector to prepare business plans to provide equity and loan finance;

(iii) assisting potential private investors to ensure compliance with any legal requirements; and

(iv) providing the private sector with advice;

*(g)* promote private sector investment in road traffic by—

(i) the establishment of investment help lines to assist potential investors;

(ii) the publication of investment related publications;

(iii) holding national or localised conferences;

(iv) organising investment contact visits;

(v) initiating contacts with other Ministries, Departments, state-owned enterprises, investment promotion centres and related parties;

(i) volle besonderhede van beleidsrigtings waarop besluit is, in die *Staatskoerant* en elke *Provinsiale Koerant* publiseer;

(j) namens die Korporasie die bevoegdhede uitoefen, en die pligte verrig, wat aan die Korporasie opgedra is by ooreenkoms tussen die LUR en die hoof uitvoerende beampte ingevolge artikel 31; en

(k) die magte uitoefen, en die pligte verrig, wat by hierdie Wet of enige ander wet aan hom verleen of opgedra word.

(2) Die Aandeelhouerskomitee kan—

(a) die hoof uitvoerende beampte magtig om werksaamhede op te dra aan die bestuurders van funksionele eenhede;

(b) 'n lasgewing uitreik aan 'n lid van die publiek na afloop van 'n ondersoek deur die hoof uitvoerende beampte;

(c) daardie ondersoek heropen; en

(d) die bevindings van 'n ondersoek heropen of 'n versoek om die bevindings te hersien, weier.

(3) Die Aandeelhouerskomitee kan, vir doeleindes van die maak van regulasies ingevolge artikel 48—

(a) 'n adviserende regulasiekomitee instel;

(b) die doel en werksaamhede van die adviserende regulasiekomitee ten opsigte van regulasies bepaal, of wysigings daaraan aanbring;

(c) aanstellings in die komitee doen, met inbegrip van die voorsitter en die ondervoorsitter;

(d) lede van die komitee ontslaan; en

(e) die komitee ontbind.

(4) Die Aandeelhouerskomitee moet, by die aanstelling van 'n lid van die adviserende regulasiekomitee, oorweging gee aan—

(a) die bevoegdhede en pligte van die komitee;

(b) die nodigheid vir die komitee om verskeie tersaaklike belange te verteenwoordig; en

(c) die kundigheid wat nodig is vir die komitee om sy bevoegdhede en werksaamhede doeltreffend uit te oefen en te verrig.

**Werksaamhede van hoof- uitvoerende beampte**

**29.** Die hoof- uitvoerende beampte van die Korporasie moet, behoudens die prestasiekontrak beoog in artikel 15(4)—

(a) die dag-tot-dag-sake van die Korporasie bestuur en beheer ooreenkomstig die sake- en finansiële plan;

(b) ooreenkomstig hierdie Wet en enige ander wetgewing oor padverkeersaangeleenthede, die verskaffing en lewering van padverkeersdienste onderneem;

(c) enige lasgewing van die Aandeelhouerskomitee wat kragtens artikel 13 uitgereik is, uitvoer en aan die Aandeelhouerskomitee verslag doen oor die implementering van die lasgewing;

(d) navorsing oor padverkeersaangeleenthede onderneem;

(e) na oorleg met die Minister van Finansies en elke LUR verantwoordelik vir finansies, 'n beheerooreenkoms opstel wat tussen die Aandeelhouerskomitee en die raad gesluit moet word by die aanstelling van die raad;

(f) belegging deur die private sektor vergemaklik deur—

(i) studies vir uitvoerbaarheid en belegging te onderneem om tegniese, kommersiële en ekonomiese lewensvatbaarheid van projekte vas te stel;

(ii) die private sektor te help om sakeplanne op te stel om ekwiteits- en leningsfinansiering te voorsien;

(iii) potensiële private beleggers by te staan om nakoming van enige statutêre formaliteite of regulasies te verseker; en

(iv) die private sektor van advies te dien;

(g) privaatsektorbelegging in padverkeer bevorder deur—

(i) beleggingshulplyne in te stel om potensiële beleggers te help;

(ii) die publisering van beleggingsverwante publikasies;

(iii) nasionale of plaaslike konferensies te hou;

(iv) beleggingskontakbesoeke te organiseer;

(v) kontak met ander Ministeries, Departemente, staatsondernemings, beleggingsbevorderingsentra en verwante partye aan te voor;

(vi) collecting, updating and disseminating appropriate promotional and facilitatory information; and

(vii) any other appropriate method;

*(h)* report to the Shareholders Committee—

(i) on the level and scope of performance of the Corporation in terms of the business and financial plan;

(ii) on the impact of investment contracts contemplated in section 37 and performance contracts contemplated in sections 15(4) and 19(4); and

(iii) subject to section 38(2), on whether a private sector entity is better suited to perform the function envisaged in a public contract;

*(i)* perform the functions assigned to him or her by the Shareholders Committee and the board on its appointment;

*(j)* assign functions to the managers of functional units if authorised thereto by the Shareholders Committee in terms of section 28(2)*(a)*;

*(k)* exercise and perform all the powers and duties conferred or imposed by this Act or by any other law; and

*(l)* exercise and perform all the powers and duties incidental to the above-mentioned powers and duties.

**Functions of managers of functional units**

**30.** The managers of functional units must—

*(a)* assist the chief executive officer in the preparation of the business and financial plan;

*(b)* perform or initiate research in respect of business groups;

*(c)* manage contracts concluded by the chief executive officer with business groups for the provision of services;

*(d)* assist the chief executive officer in monitoring business groups;

*(e)* advise the chief executive officer at his or her request; and

*(f)* furnish statements and reports to the Shareholders Committee when required to do so in terms of section 28(1)*(g)*.

**Agreements relating to functions**

**31.** (1) Subject to section 28(1)*(b)*(i), the MEC of a province may enter into an agreement with the chief executive officer in terms of which the Corporation must perform any stipulated function allocated to the MEC in terms of the National Road Traffic Act, 1996 (Act No. 93 of 1996), or any other law relating to road traffic, on behalf of the MEC.

(2) An agreement contemplated in subsection (1) comes into operation on the date of its publication in the *Gazette* and every *Provincial Gazette*.

**National road traffic law enforcement code**

**32.** (1) For the purpose of executing the road traffic law enforcement function, the chief executive officer, in consultation with the National Commissioner and the national organisation recognised in terms of section 2*(a)* of the Organised Local Government Act, 1997 (Act No. 52 of 1997), must develop a national road traffic law enforcement code.

(2) The code must, taking into account local developmental needs, capacity and available resources, provide a national framework that sets out in respect of road traffic law enforcement—

*(a)* minimum requirements for training and appointment of road traffic law enforcement officers;

*(b)* strategic direction and goals to be achieved;

*(c)* management practices and human resource practices to be followed;

*(d)* operating principles to be applied;

*(e)* performance levels to be achieved;

*(f)* supporting management information systems to be implemented; and

*(g)* actions which constitute a failure to comply with the code as contemplated in section 33.

(3) A draft code must be published by notice in the *Gazette* and every *Provincial Gazette* and the notices must specify the time available to interested parties to comment.

(vi) gepaste bevorderings- en fasiliteringsinligting te versamel, by te hou en te versprei; en

(vii) enige ander gepaste metode;

*(h)* aan die Aandeelhouerskomitee verslag doen—

(i) oor die vlak en omvang van prestasie van die Korporasie ingevolge die sake- en finansiële plan;

(ii) oor die uitwerking van beleggingskontrakte beoog in artikel 37 en prestasiekontrakte beoog in artikels 15(4) en 19(4); en

(iii) behoudens artikel 38(2), oor of 'n private sektor entiteit meer geskik is om die werksaamheid beoog in 'n openbare kontrak te verrig;

*(i)* die werksaamhede verrig wat aan hom of haar opgedra word deur die Aandeelhouerskomitee en die raad na sy aanstelling;

*(j)* werksaamhede aan die bestuurders van funksionele eenhede opdra, indien daartoe gemagtig deur die Aandeelhouerskomitee ingevolge artikel 28(2)*(a)*;

*(k)* alle bevoegdhede uitoefen en alle pligte verrig wat ingevolge hierdie Wet of enige ander wet aan hom of haar verleen of opgedra word; en

*(l)* alle bevoegdhede uitoefen en alle pligte verrig wat bykomstig is tot bogenoemde bevoegdhede en pligte.

**Werksaamhede van bestuurders van funksionele eenhede**

**30.** Die bestuurders van funksionele eenhede moet—

*(a)* die hoof- uitvoerende beampte help met die voorbereiding van die sake- en finansiële plan;

*(b)* navorsing ten opsigte van sakegroepe doen of aanvoor;

*(c)* kontrakte vir die verskaffing van dienste wat deur die hoof- uitvoerende beampte met sakegroepe aangegaan word, bestuur;

*(d)* die hoof- uitvoerende beampte help met die monitering van sakegroepe;

*(e)* die hoof- uitvoerende beampte, op sy of haar versoek, adviseer; en

*(f)* state en verslae aan die Aandeelhouerskomitee voorsien wanneer dit vereis word kragtens artikel 28(1)*(g)*.

**Ooreenkomste met betrekking tot werksaamhede**

**31.** (1) Behoudens artikel 28(1)*(b)*(i), kan die LUR van 'n provinsie 'n ooreenkoms aangaan met die hoof- uitvoerende beampte ingevolge waarvan die Korporasie enige bepaalde werksaamheid toegewys aan die LUR ingevolge die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996), of enige ander wet wat op padverkeer betrekking het, namens die LUR verrig.

(2) 'n Ooreenkoms beoog in subartikel (1) tree in werking op die datum van publikasie in die *Staatskoerant* en elke *Provinsiale Koerant.*

**Nasionale padverkeer-wetstoepassingskode**

**32.** (1) Vir die doel van die uitvoering van die padverkeer-wetstoepassingsfunksie, moet die hoof- uitvoerende beampte, in oorleg met die Nasionale Kommissaris en die nasionale organisasie wat erken is ingevolge artikel 2*(a)* van die Wet op Georganiseerde Plaaslike Regering, 1997 (Wet No. 52 van 1997), 'n nasionale padverkeer-wetstoepassingskode ontwikkel.

(2) Die kode moet, met inagneming van plaaslike ontwikkelingsbehoeftes, vermoë en beskikbare bronne, voorsiening maak vir 'n nasionale raamwerk wat ten opsigte van padverkeer-wetstoepassing uiteensit—

*(a)* minimum vereistes vir opleiding en aanstelling van padverkeer-wetstoepassingsbeamptes;

*(b)* strategiese rigting en doelwitte wat bereik moet word;

*(c)* bestuurspraktyke en menslike hulpbronpraktyke wat gevolg moet word;

*(d)* bedryfsbeginsels wat toegepas moet word;

*(e)* prestasievlakke wat bereik moet word;

*(f)* ondersteunende bestuursinligtingstelsels wat geïmplementeer moet word, en

*(g)* optrede wat neerkom op 'n versuim om aan die kode te voldoen soos beoog in artikel 33.

(3) 'n Ontwerpkode moet in die *Staatskoerant* en elke *Provinsiale Koerant* gepubliseer word en die kennisgewings van publikasie moet die tyd vermeld wat beskikbaar is vir belanghebbende partye om kommentaar te lewer.

(4) The chief executive officer, the National Commissioner and the national organisation recognised in terms of section 2*(a)* of the Organised Local Government Act, 1997, must consider all comments before completing the code and submitting it to the Shareholders Committee for approval.

(5) The code, once approved by the Shareholders Committee, becomes binding on—

*(a)* provincial authorities and local government bodies irrespective of whether they perform road traffic law enforcement services under a contract: Provided that the chief executive officer may not force a local government body that does not provide road traffic services, to provide those services; and

*(b)* any statutory transport institution vested with powers to execute road traffic law enforcement functions for the duration of a contract concluded with the Corporation to provide road traffic law enforcement: Provided that the code may only bind the SAPS and a municipal police service established in terms of section 64A of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995), upon approval thereof by the Minister for Safety and Security.

(6) Every three years the code must, on the recommendation of the Shareholders Committee, be revised.

(7) Any revision of the code must be published in the *Gazette* and every *Provincial Gazette* for interested parties to comment on, whereupon subsection (4) applies with the necessary changes.

**Non-compliance with national road traffic law enforcement code**

**33.** (1) The Shareholders Committee may, where it reasonably suspects that any provincial authority or local government body has failed to comply with the national road traffic law enforcement code—

*(a)* request and obtain information and documents pertaining to the execution of road traffic law enforcement under the control of the provincial authority or local government body in question; and

*(b)* authorise a person to enter any building or premises under the control of the provincial authority or local government body in question for the purpose of obtaining the information and documents referred to in paragraph *(a)*,

and is entitled to all reasonable assistance by any member or employee of the provincial authority or local government body in question.

(2) For the purposes of subsection (1), where the Shareholders Committee establishes that—

*(a)* a provincial authority or local government body, the SAPS or another statutory institution vested with the powers to perform road traffic law enforcement, with which the Corporation has contracted to provide road traffic law enforcement, has failed to comply with the national road traffic law enforcement code, the Shareholders Committee may terminate the contract and appoint an alternative service provider which may include the Corporation; and

*(b)* a provincial authority or local government body, which has not been contracted by the Corporation to provide road traffic law enforcement, has failed to comply with the national road traffic law enforcement code, the Shareholders Committee must—

(i) in the case of a provincial authority, notify the Minister; and

(ii) in the case of a local government body, notify the Minister and the MEC concerned.

(3) If the Minister pursuant to a notification in terms of subsection (2)*(b)*(i), is satisfied that a provincial authority has failed to comply with the national road traffic law enforcement code as contemplated in subsection (2)*(b)*(i), he or she must notify the provincial authority of such failure in writing and request compliance with that code within a period specified in the notice.

(4) The Minister may, on the request of the provincial authority extend the period contemplated in subsection (3).

(5) The Minister may, where a provincial authority fails to comply with the national road traffic law enforcement code within the period specified in the notice or the extended period contemplated in subsection (4), and after consultation with the Minister for Provincial Affairs and Constitutional Development—

(4) Die hoof- uitvoerende beampte, die Nasionale Kommissaris en die nasionale organisasie wat erken is ingevolge artikel 2*(a)* van die Wet op Georganiseerde Plaaslike Regering, 1997, moet alle kommentaar oorweeg voor voltooiing van die kode en voorlegging daarvan aan die Aandeelhouerskomitee vir goedkeuring.

(5) Die kode, soos goedgekeur deur die Aandeelhouerskomitee, is bindend op—

*(a)* provinsiale owerhede en plaaslike regeringsliggame, ongeag of hulle padverkeer-wetstoepassingsdienste kragtens 'n kontrak verrig: Met dien verstande dat die hoof- uitvoerende beampte 'n plaaslike regeringsliggaam wat nie padverkeer-wetstoepassingsdienste verskaf nie, nie kan verplig om daardie dienste te verskaf nie; en

*(b)* enige statutêre vervoerinstelling wat met bevoegdhede beklee is om padverkeer-wetstoepassingsfunksies uit te voer vir die duur van 'n kontrak wat met die Korporasie gesluit is om padverkeer-wetstoepassing te verskaf: Met dien verstande dat die kode slegs bindend is op die SAPD en 'n munisipale polisiediens wat ingevolge artikel 64A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995) ingestel is, indien dit deur die Minister vir Veiligheid en Sekuriteit goedgekeur is.

(6) Elke drie jaar moet die kode, op die aanbeveling van die Aandeelhouerskomitee, hersien word.

(7) 'n Hersiening van die kode moet gepubliseer word in the *Staatskoerant* en elke *Provinsiale Koerant* vir belanghebbende partye om kommentaar daarop te lewer, waarop subartikel (4) met die nodige wysigings van toepassing is.

**Nie-nakoming van nasionale padverkeer-wetstoepassingskode**

**33.** (1) Die Aandeelhouerskomitee kan, waar hy redelikerwys vermoed dat enige provinsiale owerheid of plaaslike regeringsliggaam versuim het om die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode na te kom—

*(a)* inligting en dokumente aanvra en bekom wat betrekking het op die uitvoering van padverkeer-wetstoepassing onder die beheer van die betrokke provinsiale owerheid of plaaslike regeringsliggaam; en

*(b)* 'n persoon magtig om enige gebou of perseel onder die beheer van die betrokke provinsiale owerheid of plaaslike regeringsliggaam te betree met die doel om die inligting en dokumente bedoel in paragraaf *(a)* te bekom,

en is geregtig op alle redelike bystand deur enige lid of werknemer van die betrokke provinsiale owerheid of plaaslike regeringsliggaam.

(2) By die toepassing van subartikel (1), waar die Aandeelhouerskomitee vasstel dat—

*(a)* 'n provinsiale owerheid of plaaslike regeringsliggaam, die SAPD of 'n statutêre vervoerinstelling wat met bevoegdhede beklee is om padverkeer-wetstoepassing te verrig, met wie die Korporasie gekontrakteer het om padverkeer-wetstoepassing te voorsien, versuim het om aan die bepalings van die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode te voldoen, kan die Aandeelhouerskomitee die kontrak beëindig en 'n alternatiewe diensverskaffer aanstel, wat die Korporasie kan insluit; en

*(b)* 'n provinsiale owerheid of plaaslike regeringsliggaam, wat nie gekontrakteer is deur die Korporasie om padverkeer-wetstoepassing te voorsien nie, versuim het om aan die bepalings van die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode te voldoen, moet die Aandeelhouerskomitee—

(i) in die geval 'n provinsiale owerheid, die Minister kennis gee; en

(ii) in die geval van 'n plaaslike regeringsliggaam, die betrokke Minister en LUR kennis gee.

(3) Indien die Minister na aanleiding van 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2)*(b)*(i), oortuig is dat 'n provinsiale owerheid versuim het om die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode beoog in subartikel (2)*(b)* na te kom, moet hy of sy die provinsiale owerheid skriftelik in kennis stel van sodanige versuim, en nakoming van daardie kode binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, versoek.

(4) Die Minister kan, op die versoek van die provinsiale owerheid, die tydperk beoog in subartikel (3), verleng.

(5) Die Minister kan, waar 'n provinsiale owerheid versuim om die bepalings van die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode binne die tydperk vermeld in die kennisgewing of die verlengde tydperk beoog in subartikel (4) na te kom, en na oorleg met die Minister vir Provinsiale Sake en Staatkundige Ontwikkeling—

(*a*) appoint a person to administer and supervise the provision of road traffic law enforcement by the provincial authority in question and charge such person with the responsibility to ensure that the provision of road traffic law enforcement by such provincial authority complies with the national road traffic law enforcement code; and

(*b*) take such other steps as he or she considers necessary to ensure compliance with the national road traffic law enforcement code.

(6) A person appointed in terms of subsection (5)*(a)* may, subject to section 100(2) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act No. 108 of 1996), exercise all the powers and must perform all the duties of the executive head of the provincial authority concerned.

(7) If the Minister is satisfied that a provincial authority complies with the national road traffic law enforcement code, he or she may terminate the appointment of the person referred to in subsection (5)*(a)*.

(8) Upon receipt of a notification contemplated in subsection (2)*(b)*(ii), the Minister may request the MEC concerned to intervene after a decision by the provincial executive as contemplated in section 139 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, and must provide the MEC with a copy of the notification.

(9) *(a)* If the MEC fails to intervene as requested, the Minister after a decision by the provincial executive may intervene as contemplated in section 100 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, in which case subsections (12) to (16) apply with the necessary changes.

*(b)* For the purpose of this subsection, any reference in subsections (12) to (16) to—

(i) the MEC, shall be deemed to be a reference to the Minister;

(ii) the MEC responsible for local government, shall be deemed to be a reference to the Minister for Provincial Affairs and Constitutional Development;

(iii) the Premier, shall be deemed to be a reference to the President;

(iv) section 139(2) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, shall be deemed to be a reference to section 100(2) of the Constitution.

(10) If the MEC is satisfied that a local government body has failed to comply with the national road traffic law enforcement code, he or she must notify the local government body of such failure in writing and if the Shareholders Committee does not decide to exempt the local government body from compliance with the code, request compliance with that code within a period specified in the notice.

(11) The MEC may, on the request of the provincial authority, extend the period contemplated in subsection (10).

(12) The MEC may, where a local government body fails to comply with the national road traffic law enforcement code within the period specified in the notice or the extended period contemplated in subsection (11), and after consultation with—

(*a*) the MEC responsible for local government in the province concerned, or where no such MEC has been appointed, the Premier or the MEC to whom the responsibilities have been assigned by the Premier; and

(*b*) the MEC for Safety and Security in the case where road traffic law enforcement is provided by a municipal police service—

(i) appoint a person to administer the provision of road traffic law enforcement by the local government body in question and charge such person with the responsibility to ensure that the provision of road traffic law enforcement services by such local government body complies with the national road traffic law enforcement code; and

(ii) take such other steps as he or she considers necessary to ensure compliance with the national road traffic law enforcement code.

(13) Where an administrator is appointed in terms of section 64N(4)*(a)* of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995), that administrator must perform the functions contemplated in subsection (12)*(b)*(i).

(14) A person appointed in terms of subsection (12)*(b)*(i) may, subject to section 139(2) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, exercise all the powers and must perform all the duties of the executive head of the local government body concerned.

*(a)* 'n persoon aanstel om die verskaffing van padverkeer-wetstoepassing deur die betrokke provinsiale owerheid te administreer en daaroor toesig te hou, en die persoon belas met die verantwoordelikheid om te verseker dat die verskaffing van padverkeer-wetstoepassing deur sodanige provinsiale owerheid voldoen aan die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode; en

*(b)* die stappe doen wat hy of sy nodig ag om nakoming van die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode te verseker.

(6) 'n Persoon aangestel kragtens subartikel (5)*(a)* kan, behoudens artikel 100(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996), al die bevoegdhede uitoefen en moet al die pligte verrig van die uitvoerende hoof van die betrokke provinsiale owerheid.

(7) Indien die Minister oortuig is dat 'n provinsiale owerheid voldoen het aan die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode, kan hy of sy die aanstelling van die persoon bedoel in subartikel (5)*(a)*, beëindig.

(8) By ontvangs van 'n kennisgewing beoog in subartikel (2)*(b)*(ii), kan die Minister die betrokke LUR versoek om, na 'n besluit deur die provinsiale uitvoerende gesag, in te gryp soos beoog in artikel 139 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en moet die LUR van 'n afskrif van die kennisgewing voorsien.

(9) *(a)* Indien die LUR versuim om in te gryp soos versoek, kan die Minister, na 'n besluit deur die provinsiale uitvoerende gesag, ingryp soos beoog in artikel 100 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, in welke geval subartikels (12) tot (16) met die nodige wysigings van toepassing is.

*(b)* By die toepassing van hierdie subartikel, word enige verwysing in subartikels (12) tot (16) na—

(i) die LUR, geag 'n verwysing te wees na die Minister;

(ii) die LUR verantwoordelik vir plaaslike regering, geag 'n verwysing te wees na die Minister vir Provinsiale Sake en Staatkundige Ontwikkeling;

(iii) die Premier, geag 'n verwysing te wees na die President; en

(iv) artikel 139(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, geag 'n verwysing te wees na artikel 100(2) van die Grondwet.

(10) Indien die LUR oortuig is dat 'n plaaslike regeringsliggaam versuim het om die bepalings van die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode na te kom, moet hy of sy die plaaslike regeringsliggaam skriftelik van sodanige versuim in kennis stel en, indien die Aandeelhouerskomitee nie besluit om die plaaslike regeringsliggaam van nakoming van die kode vry te stel nie, nakoming van daardie kode binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, versoek.

(11) Die LUR kan, op versoek van die plaaslike regeringsliggaam, die tydperk beoog in subartikel (10) verleng.

(12) Die LUR kan, waar 'n plaaslike regeringsliggaam versuim om aan die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode te voldoen binne die tydperk vermeld in die kennisgewing of die verlengde tydperk beoog in subartikel (11), en na oorleg met—

*(a)* die LUR verantwoordelik vir plaaslike regering in die betrokke provinsie, of waar geen sodanige LUR aangestel is nie, die Premier of die LUR aan wie die verantwoordelikhede deur die Premier toegewys is; en

*(b)* die LUR vir Veiligheid en Sekuriteit in die geval waar padverkeerwetstoepassing verskaf word deur 'n munisipale polisiediens—

(i) 'n persoon aanstel om die verskaffing van padverkeer-wetstoepassing deur die betrokke plaaslike regeringsliggaam te administreer en die persoon belas met die verantwoordelikheid om te verseker dat die verskaffing van padverkeer-wetstoepassing deur sodanige plaaslike regeringsliggaam voldoen aan die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode; en

(ii) die ander stappe doen wat hy of sy nodig ag om nakoming van die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode te verseker.

(13) Waar 'n administrateur aangestel is ingevolge artikel 64N(4)*(a)* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), moet dié administrateur die funksies beoog in subartikel (12)*(b)*(i) verrig.

(14) 'n Persoon wat aangestel is ingevolge subartikel (12)*(b)*(i) kan, behoudens artikel 139(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, al die bevoegdhede uitoefen en moet al die pligte verrig van die uitvoerende hoof van die betrokke plaaslike regeringsliggaam.

(15) If the MEC is satisfied that a local government body complies with the national road traffic law enforcement code, he or she may terminate the appointment of the person referred to in subsection (13)*(b)*(i).

(16) All expenditure incurred by or in connection with the intervention of the MEC, in the provision of road traffic law enforcement as contemplated in this section, must be in accordance with the contract between the Corporation and the local government body in question.

## CHAPTER 5
## PRIVATE INVESTMENT IN ROAD TRAFFIC

### Private investment

**34.** For the purpose of restructuring the affairs of the Corporation, the chief executive officer may, subject to the approval of the Shareholders Committee and the Minister of Finance—

*(a)* form companies in terms of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973), and transfer to such companies all or some of the functions performed by any functional unit or parts thereof, and any assets, liabilities, rights and obligations related to the execution of such functions;

*(b)* subject to section 36, acquire shares in a project company with private shareholding in terms of a joint equity venture; or

*(c)* subject to section 37, conclude appropriate investment contracts.

### Trading of shares

**35.** (1) For the purpose of section 34*(a)*, the board of directors of a company in which the Corporation is a shareholder and which is incorporated in terms of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973), may take all steps necessary to—

*(a)* offer the shares in such company for sale in the manner specified in subsections (5), (6) and (7); or

*(b)* subject to subsection (2), exchange the shares of the company for the shares of a company to be merged with such company (hereinafter referred to as the merger company) in the manner specified in subsections (5), (6) and (7).

(2) An exchange of shares referred to in subsection (1)*(b)* may only be undertaken if—

*(a)* the entire share capital of the company in which the Corporation is a shareholder is exchanged for a minority shareholding in the merger company and the majority shareholding is privately-owned; or

*(b)* the merger is effected with another company owned by another state in the Southern African region and the merger is intended to ensure economies of scale to achieve greater financial viability as a precursor to the sale of shares in the merged company.

(3) If the board of directors disregards the procedures described in subsection (1) and (2), the Minister and any shareholding MEC may trade their shares in the company concerned.

(4) Where the Minister and any shareholding MEC acts in terms of subsection (3), he or she is entitled to be reimbursed by the company concerned for any costs incurred.

(5) The shares referred to in subsection (1) may, with effect from a date specified in the approved business and financial plan, be traded in the manner specified in subsection (6).

(6) The shares may be traded—

*(a)* after an offer for sale or exchange of such shares has been published by means of a prospectus, immediately before the listing of the company on the Johannesburg Stock Exchange; or

(15) Indien die LUR oortuig is dat 'n plaaslike regeringsliggaam die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode nakom, kan hy of sy die aanstelling van die persoon bedoel in subartikel (13)*(b)*(i), beëindig.

(16) Alle uitgawes aangegaan deur of in verband met die ingryping van die LUR vir die verskaffing van padverkeer-wetstoepassing beoog in hierdie artikel, moet in ooreenstemming wees met die kontrak tussen die Korporasie en die betrokke plaaslike regeringsliggaam.

## HOOFSTUK 5
## PRIVATE BELEGGING IN PADVERKEER

**Private belegging**

**34.** Die hoof- uitvoerende beampte kan, onderworpe aan die goedkeuring van die Aandeelhouerskomitee en die Minister van Finansies, vir die doel van die herstrukturering van die sake van die Korporasie—

*(a)* maatskappye stig ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), en alle of sommige van die werksaamhede wat verrig word deur enige funksionele eenheid of gedeeltes daarvan, en enige bates, laste, regte en verpligtinge wat verband hou met die uitvoering van sulke werksaamhede, aan sodanige maatskappye oordra;

*(b)* behoudens artikel 36, aandele verkry in 'n projekmaatskappy met private aandeelhouding ingevolge 'n gesamentlike ekwiteits-onderneming; of

*(c)* behoudens artikel 37, gepaste beleggingskontrakte sluit.

**Verhandeling van aandele**

**35.** (1) By die toepassing van artikel 34*(a)*, kan die raad van direkteure van 'n maatskappy waarin die Korporasie 'n aandeelhouer is en wat ingelyf is ingevolge die bepalings van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), alle stappe doen wat nodig is om—

*(a)* die aandele in so 'n maatskappy te koop aan te bied op die wyse vermeld in subartikels (5), (6) en (7); of

*(b)* behoudens subartikel (2), die aandele van die maatskappy te verruil vir die aandele van 'n maatskappy wat met so 'n maatskappy saamgesmelt moet word (hierna die saamgesmelte maatskappy genoem) op die wyse vermeld in subartikels (5), (6) en (7).

(2) Die verruiling van aandele bedoel in subartikel (1)*(b)*, kan slegs onderneem word as—

*(a)* die totale aandelekapitaal van die maatskappy waarin die Korporasie 'n aandeelhouer is, verruil word vir 'n minderheidaandeelhouding in die saamgesmelte maatskappy en die meerderheid aandeelhouding in private besit is; of

*(b)* die samesmelting geskied met 'n ander maatskappy wat besit word deur 'n ander staat in die Suider-Afrika-streek en die samesmelting ten doel het om ekonomieë van formaat te verseker om groter finansiële lewensvatbaarheid te bereik, as 'n voorloper tot die verkoop van aandele in die saamgesmelte maatskappy.

(3) Indien die raad van direkteure die prosedures beskryf in subartikels (1) en (2) verontagsaam, kan die Minister en enige aandeelhoudende LUR hulle aandele in die betrokke maatskappy verhandel.

(4) Waar die Minister en 'n aandeelhoudende LUR optree ingevolge subartikel (3), is hy of sy geregtig om deur die betrokke maatskappy vergoed te word vir enige onkoste wat aangegaan is.

(5) Die aandele bedoel in subartikel (1) kan, met ingang van 'n datum vermeld in die goedgekeurde sake- en finansiële plan, verhandel word op die wyse vermeld in subartikel (6).

(6) Die aandele kan verhandel word—

*(a)* nadat 'n aanbod vir die verkoop of ruil van sodanige aandele gepubliseer is in 'n prospektus, onmiddellik voor die notering van die maatskappy op die Johannesburgse Effektebeurs; of

(*b*) in terms of a share sale or exchange agreement concluded between the company on the one hand and any approved buyer or barterer on the other.

(7) For the purpose of subsection (6)*(b)*, an approved buyer or barterer means a person in respect of whom the sale or exchange of shares, as the case may be, has been approved by the Minister and a shareholding MEC acting on the recommendation of the board of directors of the company concerned.

(8) Subject to subsection (9), shares must be sold or exchanged—

(*a*) at a price or value which is market related; and

(*b*) after a share incentive scheme has been established in terms of which shares may be allocated to the employees of the company in terms of the rules of the Johannesburg Stock Exchange.

(9) The board of directors must, before proceeding with any scheme for the sale or exchange of shares, submit the proposed scheme to the Minister and any shareholding MEC for approval, setting out the manner in which this section have been complied with.

**Joint equity venture**

**36.** (1) The Corporation may, subject to subsections (2) and (3), conclude an agreement to establish a project company, in which it may be a shareholder together with any individual or private entity or Government of any other state, with the business object of operating or providing road traffic facilities and services, subject thereto that no finance is provided by the exchequer to such joint venture other than for the purposes of taking an equity share.

(2) For the purpose of subsection (1), the public shareholding in any project company may only exceed 49% if the agreement specifies a fixed period within which the public shareholding is to be reduced below 50%.

(3) The Minister and every MEC must annually report to Parliament and the provincial legislatures, as the case may be, on the feasibility of incrementally reducing public shareholding in a company formed in terms of subsection (1).

**Road traffic facility and services investment contracts**

**37.** (1) For the purposes of subsection (2)—

(*a*) a contract to build-lease-and-transfer means a contract whereby a project contractor finances and constructs a road traffic facility and on its completion leases it to the Corporation for a fixed term after which ownership of the asset is automatically transferred to the Corporation, or any variation, amendment or addition of such terms as may be agreed;

(*b*) a contract to build-own-and-operate means a contract whereby a project contractor finances, constructs, owns, operates and maintains a road traffic facility with no time limitation imposed on ownership and from which the contractor is allowed to recover its total investment and operating and maintenance costs plus a reasonable rate of return thereon by collecting tolls, fees, rentals or other charges from facility users, or any variation, amendment or addition of such terms as may be agreed, but as long as the contractor is not in violation of its franchise, it may continue to operate the asset in perpetuity;

(*c*) a contract to build-operate-and-transfer means a contract whereby a project contractor—

(i) constructs and finances a road traffic facility;

(ii) assumes cost overruns, delays and specified performance risks;

(iii) operates and maintains such asset over a fixed term during which the contractor is allowed to charge users appropriate tolls, fees, rentals and charges not exceeding those proposed in its bid or as negotiated and incorporated in the contract to enable that contractor to recover its investment and operating and maintenance expenses in the project plus a reasonable rate of return thereon; and

(*b*) ingevolge 'n verkoops- of ruilooreenkoms van aandele, wat gesluit is tussen die maatskappy aan die een kant en 'n goedgekeurde koper of ruiler aan die ander kant.

(7) By die toepassing van subartikel (6)(*b*), beteken 'n goedgekeurde koper of ruiler 'n persoon ten opsigte van wie die verkoop of ruil van aandele, na gelang van die geval, goedgekeur is deur die Minister en 'n aandeelhoudende LUR wat handel op die aanbeveling van die raad van direkteure van die betrokke maatskappy.

(8) Behoudens subartikel (9), moet aandele verkoop of verruil word—

(*a*) teen 'n prys of waarde wat markverwant is; en

(*b*) nadat 'n aandele-aansporingsskema gestig is ingevolge waarvan aandele toegeken kan word aan die werknemers van die maatskappy, ingevolge die reëls van die Johannesburgse Effektebeurs.

(9) Die raad van direkteure moet, voordat voortgegaan word met enige skema vir die verkoop of ruil van aandele, die voorgestelde skema vir goedkeuring aan die Minister en enige aandeelhoudende LUR voorlê, waarin die wyse waarop aan die bepalings van hierdie artikel voldoen is, uiteengesit word.

**Gesamentlike ekwiteitsonderneming**

**36.** (1) Die Korporasie kan, behoudens subartikels (2) en (3), 'n ooreenkoms sluit om 'n projekmaatskappy te stig waarin die Korporasie 'n aandeelhouer kan wees, tesame met enige persoon of private entiteit of Regering van enige ander staat, en met die sake-oogmerk om padverkeersfasiliteite en -dienste te bedryf of te verskaf, onderworpe daaraan dat geen finansiering deur die Skatkis aan sodanige gesamentlike ekwiteitsonderneming voorsien word nie, behalwe vir die doeleindes om 'n ekwiteits-aandeel te neem.

(2) By die toepassing van subartikel (1), mag die openbare aandeelhouding in enige projekmaatskappy slegs 49% oorskry indien die ooreenkoms 'n vaste termyn spesifiseer waarin die openbare aandeelhouding verminder moet word na minder as 50%.

(3) Die Minister en elke LUR moet jaarliks verslag doen aan die Parlement en die provisiale wetgewers, na gelang van die geval, oor die uitvoerbaarheid om publiekeaandeelhouding in 'n maatskappy wat ingevolge subartikel (1) gestig is, toenemend te verminder.

**Kontrakte vir belegging in padverkeersfasiliteite en -dienste**

**37.** (1) By die toepassing van subartikel (2) beteken—

(*a*) 'n kontrak om te bou-verhuur-en-oor-te-dra, 'n kontrak waardeur 'n projekkontrakteur 'n padverkeersfasiliteit finansier en oprig, en dit by voltooiing aan die Korporasie verhuur vir 'n vasgestelde termyn, waarna die eiendomsreg in die bate outomaties aan die Korporasie oorgedra word, of enige variasie of wysiging van, of byvoeging tot sodanige bepalings as waarop ooreengekom mag word;

(*b*) 'n kontrak om te bou-besit-en-bedryf, 'n kontrak waardeur 'n projekkontrakteur 'n padverkeersfasiliteit finansier, oprig, besit, bedryf en onderhou sonder dat enige tydsbeperking op eiendomsreg opgelê word, en waardeur die kontrakteur toegelaat word om sy totale belegging en bedryfs- en onderhoudskoste, plus 'n redelike opbrengskoers daarop, te verhaal deur tolgelde, gelde, huurgelde of ander vorderings van fasiliteitgebruikers in te samel, of enige variasie of wysiging van, of byvoeging tot, sulke bepalings as waarop ooreengekom mag word, maar solank die kontrakteur nie sy bedryfsreg oorskry nie, kan hy voortgaan om die bate vir altyd te bedryf;

(*c*) 'n kontrak om te bou-bedryf-en-oor-te-dra, 'n kontrak waardeur 'n projekkontrakteur—

(i) 'n padverkeersfasiliteit oprig en finansier;

(ii) koste-oorskrydings, vertragings en vermelde prestasierisiko's aanvaar;

(iii) die bate vir 'n vasgestelde termyn bedryf en onderhou, waartydens die kontrakteur toegelaat word om gebruikers te belas met gepaste tolgelde, gelde, huurgelde en vorderings wat nie dié oorskry nie wat in sy aanbod voorgestel is of wat onderhandel is en by die kontrak ingelyf is om daardie kontrakteur in staat te stel om sy of haar belegging en bedryfs- en onderhoudsuitgawes op die projek, plus 'n redelike opbrengskoers daarop, te verhaal; en

(iv) transfers the asset to the Corporation at the end of a fixed term,

or any variation, amendment or addition of such terms as may be agreed;

*(d)* a contract to build-and-transfer means a contract whereby a project contractor finances and constructs a road traffic facility and after its completion turns it over to the Corporation, which pays the contractor on an agreed schedule its total investment expended on the project, plus a reasonable rate of return thereon, or any variation of such terms as may be agreed;

*(e)* a contract-add-operate arrangement means a contractual arrangement whereby the project contractor adds to an existing road traffic facility which it is renting from the Corporation and operates such road traffic facility over a fixed period including the transfer of the asset back to the Corporation, or any variation, amendment or addition of such terms as may be agreed;

*(f)* a contract to rehabilitate-own-and-operate means a contract whereby an existing road traffic facility is turned over to a private person or entity to refurbish and operate with no time limitation imposed on ownership, but as long as the operator is not in violation of its franchise, it may continue to operate the facility in perpetuity or under any variation or amendment or addition to such terms as may be agreed; and

*(g)* a contract to rehabilitate-operate-and-transfer means a contract whereby an existing road traffic facility is—

(i) turned over to a project contractor to refurbish and operate for a fixed period, at the expiration of which legal title to the asset is turned over to the Corporation; or

(ii) leased to a project contractor to refurbish and operate for a fixed period, and may include the purchase of an existing facility from abroad, importing, refurbishing, erecting and consuming it within the Republic,

or any variation, amendment or addition of such terms as may be agreed.

(2) The procurement of any investment in terms of section 34*(c)* must be effected through the conclusion of an appropriate investment contract which—

*(a)* in the case of a publicly-owned road traffic facility, may include—

(i) a contract to build-own-and-operate or a variant thereof;

(ii) a contract to rehabilitate-own-and-operate or a variant thereof;

(iii) a contract to rehabilitate-operate-and-transfer or a variant thereof;

(iv) a build-operate-and-transfer, build-and-transfer or build-lease-and-transfer contract or variant thereof;

(v) a leasing contract, including a contract-add-operate arrangement or variant thereof;

(vi) a joint equity venture contract; or

(vii) a management contract; and

*(b)* in the case of road traffic services, may include—

(i) a management contract for the supervision and co-ordination of agents within—

*(aa)* a province on a provincial level;

*(bb)* a metropolitan area on a metropolitan level; or

*(cc)* a local area on a local level; and

(ii) a services supply contract for—

*(aa)* road traffic law enforcement, subject to section 38(3);

*(bb)* vehicle registration and licensing service, or issuing of special permits or both services;

*(cc)* roadworthiness testing service at a vehicle testing station in respect of heavy vehicles, light motor vehicles or both;

*(dd)* driver testing in respect of learner driver licensing, driver licensing for light motor vehicles or motor cycles and driver licensing for heavy vehicles or all the services;

*(ee)* public payment service only;

(iv) die bate aan die einde van die vasgestelde termyn aan die Korporasie oordra,

of enige variasie of wysiging van, of byvoeging tot, sulke bepalings as waarop ooreengekom mag word;

*(d)* 'n kontrak om te bou-en-oor-te-dra, 'n kontrak waardeur 'n projekkontrakteur 'n padverkeersfasiliteit finansier en oprig, en na sy voltooiing oordra aan die Korporasie, wat die kontrakteur volgens 'n ooreengekome skaal betaal vir sy totale belegging aan die projek bestee, plus 'n redelike opbrengskoers daarop, of enige variasie van sulke bepalings as waarop ooreengekom mag word;

*(e)* 'n kontrak-byvoeg-bedryf-reëling, 'n kontraktuele reëling waardeur die projekkontrakteur byvoeg tot 'n bestaande padverkeersfasiliteit wat hy van die Korporasie huur en die padverkeersfasiliteit vir 'n vasgestelde tydperk bedryf, en wat die oordrag van die bate terug aan die Korporasie insluit, of enige variasie of wysiging van, of byvoeging tot, sulke bepalings as waarop ooreengekom mag word;

*(f)* 'n kontrak om te rehabiliteer-besit-en-bedryf, 'n kontrak waardeur 'n bestaande padverkeersfasiliteit oorgedra word aan 'n private persoon of entiteit om op te knap en te bedryf, sonder dat enige tydsbeperking op eiendomsreg opgelê word, maar solank die operateur nie sy bedryfsreg oorskry nie, kan hy voortgaan om die fasiliteit vir altyd te bedryf, of enige variasie of wysiging van, of byvoeging tot, sulke bepalings as waarop ooreengekom mag word; en

*(g)* 'n kontrak om te rehabiliteer-bedryf-en-oor-te-dra, 'n kontrak waardeur 'n bestaande padverkeersfasiliteit—

(i) oorgedra word aan 'n projekkontrakteur om op te knap en te bedryf vir 'n vasgestelde tydperk, by die verstryking waarvan eiendomsreg op die bate oorgedra word aan die Korporasie; of

(ii) verhuur word aan 'n projekkontrakteur om op te knap en te bedryf vir 'n vasgestelde tydperk, en kan insluit die aankoop van 'n bestaande fasiliteit vanuit die buiteland en invoering, opknapping, oprigting en verbruik daarvan in die Republiek,

of enige variasie of wysiging van, of byvoeging tot, sulke bepalings as waarop ooreengekom mag word;

(2) Die verkryging van enige belegging ingevolge artikel 34*(c)* moet geskied by wyse van die sluit van 'n toepaslike beleggingskontrak wat—

*(a)* in die geval van 'n openbare padverkeersfasiliteit, kan insluit—

(i) 'n kontrak om te bou-besit-en-bedryf of 'n variasie daarvan;

(ii) 'n kontrak om te rehabiliteer-besit-en-bedryf of 'n variasie daarvan;

(iii) 'n kontrak om te rehabiliteer-bedryf-en-oor-te-dra of 'n variasie daarvan;

(iv) 'n bou-bedryf-en-oordra-, bou-en-oordra- of bou-verhuur-en-oordrakontrak of 'n variasie daarvan;

(v) 'n huurkontrak, met inbegrip van 'n kontrak-byvoeg-bedryf-reëling of 'n variasie daarvan;

(vi) 'n gesamentlike ekwiteitsondernemingskontrak; of

(vii) 'n bestuurskontrak; en

*(b)* in die geval van padverkeersdienste, kan insluit—

(i) 'n bestuurskontrak vir die toesighouding en koördinasie van agente binne—

*(aa)* 'n provinsie op 'n provinsiale vlak;

*(bb)* 'n metropolitaanse gebied op 'n metropolitaanse vlak; of

*(cc)* 'n plaaslike gebied op 'n plaaslike vlak; en

(ii) 'n dienste-voorsieningskontrak vir—

*(aa)* padverkeer-wetstoepassing, behoudens artikel 38(3);

*(bb)* motorvoertuig registrasie- en lisensiëringsdiens, of die uitreiking van spesiale permitte, of beide dienste;

*(cc)* padwaardigheidstoetsdiens by 'n voertuig-toetssentrum ten opsigte van swaar voertuie, ligte motorvoertuie of beide;

*(dd)* bestuurdertoetsing ten opsigte van leerlingbestuurderslisensiëring, bestuurderslisensiëring vir ligte motorvoertuie of motorfietse en bestuurderslisensiëring vir swaar voertuie of al die dienste;

*(ee)* openbare betaaldienste alleenlik;

*(ff)* auditing of agents for performance and compliance; and
*(gg)* any other road traffic service.

(3) For the purposes of this section, the chief executive officer must develop standard contracts in accordance with prescribed guidelines.

(4) A contract involving a publicly funded negative concession, must provide for—
*(a)* targets for possible reduction of exchequer finance, linked to time scales;
*(b)* fixed periods at which the contract will be reviewed to ascertain whether—
(i) targets have been met; and
(ii) targets need to be renegotiated or the contract terminated;
*(c)* separate accounting records; and
*(d)* the exercise by the Corporation of the right to—
(i) request a report from the contractor on the financial aspects of the operations;
(ii) conduct an audit of the books of account of the contractor; and
(iii) enter the premises of the contractor to inspect any facility or document.

(5) Nothing in this Act prevents the conclusion of any combination of two or more of the contracts referred to in subsection (2) to facilitate the provisioning of a road traffic facility and service.

(6) The Shareholders Committee may, on advice of the chief executive officer, approve any variation of the contracts referred to in subsection (2).

(7) The negotiation of a contract must be confidential and no party to the negotiations may reveal to any other person any technical, price or other information relating to the negotiations without the consent of the other party.

(8) The chief executive officer must submit quarterly reports to the Shareholders Committee on progress being achieved with the reduction of exchequer finance during the duration of a contract involving a publicly funded negative concession.

## CHAPTER 6
## CONTRACTING OUT TO PROVINCIAL AUTHORITIES AND LOCAL GOVERNMENT BODIES

### Appointment of agents

**38.** (1) Where the Corporation appoints a local government body as its agent or contracts with a local government body to perform any function relating to any road traffic facility, the contract may provide for—
*(a)* the temporary or permanent transfer of assets from the local government body concerned to the Corporation; and
*(b)* compensation by the Corporation to the local government body concerned for that transfer.

(2) The Corporation may only contract out the provision of road traffic law enforcement to a provincial authority, a local government body, the SAPS or another institution vested by law with the power to execute road traffic law enforcement functions.

(3) Where the Corporation concludes a contract for the provision of road traffic law enforcement services, as contemplated in section 37(2)*(b)*(ii)*(aa)*, the contract must, subject to subsection (4), at least—
*(a)* for the purpose of measuring the performance of the agent, incorporate the provisions of the national road traffic law enforcement code in respect of—
(i) performance targets; and
(ii) performance indicators;
*(b)* provide that non-compliance with the national road traffic law enforcement code results in the termination of the contract;
*(c)* provide that the Corporation must, for its own account, carry all negotiated costs relating to the provision of road traffic law enforcement;

*(ff)* ouditering van agente vir prestasie en nakoming; en
*(gg)* enige ander padverkeersdiens.

(3) By die toepassing van hierdie artikel, moet die hoof- uitvoerende beampte standaardkontrakte ontwikkel ooreenkomstig voorgeskrewe riglyne.

(4) 'n Kontrak wat betrekking het op 'n staatsgefinansierde negatiewe konsessie moet voorsiening maak vir—

*(a)* mikpunte vir moontlike vermindering van skatkisfinansiering, gekoppel aan tydskale;
*(b)* vaste tydperke waarin die kontrak hersien sal word om vas te stel of—
(i) mikpunte behaal is; en
(ii) mikpunte weer onderhandel moet word of die kontrak beëindig moet word;
*(c)* aparte rekeningkundige verslae; en
*(d)* die uitoefening deur die Korporasie van die reg om—
(i) 'n verslag te versoek van die kontrakteur oor die finansiële aspekte van die bedrywighede;
(ii) 'n oudit te doen van die rekeningboeke van die kontrakteur; en
(iii) die perseel van die kontrakteur binne te gaan om enige fasiliteit of dokument te inspekteer.

(5) Niks in hierdie Wet verhinder die sluiting van enige kombinasie van twee of meer van die kontrakte bedoel in subartikel (2) nie om die verskaffing van 'n padverkeersfasiliteit en -diens te fasiliteer.

(6) Die Aandeelhouerskomitee kan, op advies van die hoof- uitvoerende beampte, enige variasie van die kontrakte bedoel in subartikel (2) goedkeur.

(7) Die onderhandeling van 'n kontrak is vertroulik, en geen party tot die onderhandelinge mag enige tegniese, prys- of ander inligting wat verband hou met die onderhandelinge aan enige ander persoon openbaar sonder die toestemming van die ander party nie.

(8) Die hoof- uitvoerende beampte moet kwartaallikse verslae aan die Aandeelhouerskomitee voorlê oor die vordering wat bereik is met die vermindering van skatkisfinansiering gedurende die verloop van 'n kontrak wat betrekking het op 'n staatsgefinansierde negatiewe konsessie.

## HOOFSTUK 6
## UITKONTRAKTERING NA PROVINSIALE OWERHEDE EN PLAASLIKE REGERINGSLIGGAME

**Aanstelling van agente**

**38.** (1) Waar die Korporasie 'n plaaslike regeringsliggaam aanstel as sy agent of kontrakteer met 'n plaaslike regeringsliggaam om enige werksaamheid met betrekking tot enige padverkeersfasiliteit te verrig, kan die kontrak voorsiening maak vir—

*(a)* die tydelike of permanente oordrag van bates vanaf die betrokke plaaslike regeringsliggaam na die Korporasie; en
*(b)* vergoeding deur die Korporasie aan die betrokke plaaslike regeringsliggaam vir daardie oordrag.

(2) Die Korporasie kan die verskaffing van padverkeer-wetstoepassing slegs uitkontrakteer aan 'n provinsiale owerheid, 'n plaaslike regeringsliggaam, die SAPD of 'n ander instelling wat by wet beklee is met die gesag om padverkeerwetstoepassingswerksaamhede te verrig.

(3) Waar die Korporasie 'n kontrak vir die verskaffing van wetstoepassingsdienste sluit, soos beoog in artikel 37(2)*(b)*(ii)*(aa)*, moet die kontrak, behoudens subartikel (4), ten minste—

*(a)* met die doel om die prestasie van die agent te meet, die bepalings van die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode inkorporeer ten opsigte van—
(i) prestasiedoelwitte; en
(ii) prestasie-aanwysers;
*(b)* bepaal dat nie-nakoming van die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode die beëindiging van die kontrak tot gevolg het;
*(c)* bepaal dat die Korporasie alle onderhandelde kostes met betrekking tot die verskaffing van padverkeer-wetstoepassing, self moet dra;

*(d)* provide that any penalties or fines collected by the service provider, in accordance with the Administrative Adjudication of Road Traffic Offences Act, 1998 (Act No. 46 of 1998), are paid to the Corporation; and

*(e)* provide that the service provider that provides road traffic law enforcement in an area where a municipal police service established in terms of section 64A of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995), also has jurisdiction, must participate in any appropriate policing co-ordinating committee established for that area in terms of section 64K of the South African Police Service Act, 1995.

(4) The provision of road traffic law enforcement must be contracted out even before the national road traffic law enforcement code is finalised, and the contracts concluded before the finalisation must be renegotiated on the entry into force of the code.

(5) The chief executive officer must reassess contracts for the provision of any road traffic service, including road traffic law enforcement, concluded with any provincial authority or local government body every two years.

(6) For the purpose of this section, the chief executive officer must develop standard contracts in accordance with prescribed guidelines.

(7) Despite a provision of any other law, any monies paid by the Corporation to the SAPS in accordance with a contract contemplated in subsection (3), shall be deemed to be monies appropriated by Parliament for the SAPS for the financial year in which the monies are paid to the SAPS.

## CHAPTER 7
## COMPLIANCE AND MONITORING

### Compliance, monitoring and regulatory approach

**39.** (1) The Shareholders Committee is responsible for ensuring that compliance and monitoring are undertaken in terms of this Act, and must be assisted for that purpose by—

*(a)* the chief executive officer; and

*(b)* the managers of functional units.

(2) For the purpose of subsection (1), the Shareholders Committee may conduct an independent investigation, survey or audit, and must—

*(a)* request the chief executive officer to report on compliance with the business and financial plan at intervals determined in the business and financial plan; and

*(b)* respond to a complaint received from any person.

(3) Any complaint regarding the chief executive officer must be submitted to the Shareholders Committee or the Minister for investigation.

### Monitoring duties and powers of chief executive officer

**40.** (1) The monitoring duties of the chief executive officer are to—

*(a)* receive a complaint from any person regarding non-compliance as contemplated in section 41 and direct such complaint to the manager of the functional unit concerned for further action;

*(b)* monitor, and report to the Shareholders Committee on, compliance by the Corporation with public service obligations, which include—

(i) levels of public safety as described in the business and financial plan or the governance agreement, whichever is applicable;

(ii) quality and levels of service as described in that plan or that agreement, whichever is applicable; and

(iii) pricing of services as described in that plan or that agreement, whichever is applicable; and

*(c)* monitor and report to the Shareholders Committee on—

(i) the level of, and potential for further, private sector involvement in road traffic service provision;

(*d*) bepaal dat enige strafboetes of boetes wat deur die diensverskaffer ingevorder word, ooreenkomstig die Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe, 1998 (Wet No. 46 van 1998), aan die Korporasie betaal word; en

(*e*) bepaal dat die diensverskaffer wat padverkeer-wetstoepassing verskaf in 'n gebied waar 'n munisipale polisiediens, wat ingestel is ingevolge artikel 64A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), ook jurisdiksie het, moet deelneem aan enige gepaste polisiëringskoördineringskomitee wat gestig is vir daardie gebied ingevolge artikel 64K van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995.

(4) Die verskaffing van padverkeer-wetstoepassing moet uitgekontrakteer word, selfs voor die nasionale padverkeer-wetstoepassingskode gefinaliseer is, en die kontrakte wat voor die finalisering gesluit is, moet weer onderhandel word na die inwerkingtreding van die kode.

(5) Die hoof- uitvoerende beampte moet kontrakte vir die verskaffing van enige padverkeersdiens, met inbegrip van padverkeer-wetstoepassing, wat met enige provinsiale owerheid of plaaslike regeringsliggaam gesluit is, elke twee jaar herwaardeer.

(6) By die toepassing van hierdie artikel, moet die hoof- uitvoerende beampte standaardkontrakte ooreenkomstig voorgeskrewe riglyne ontwikkel.

(7) Ondanks andersluidende bepalings in enige ander wet, word enige gelde wat deur die Korporasie aan die SAPD betaal word ooreenkomstig'n kontrak beoog in subartikel (3), geag gelde te wees wat deur die Parlement vir die SAPD bewillig is vir die finansiële jaar waarin die gelde aan die SAPD betaal word.

## HOOFSTUK 7
## NAKOMING EN MONITERING

**Nakoming, monitering en reguleringsbenadering**

**39.** (1) Die Aandeelhouerskomitee is verantwoordelik om te verseker dat nakoming en monitering onderneem word ingevolge hierdie Wet, en moet vir daardie doel bygestaan word deur—

(*a*) die hoof- uitvoerende beampte; en

(*b*) die bestuurders van funksionele eenhede.

(2) By die toepassing van subartikel (1), kan die Aandeelhouerskomitee 'n onafhanklike ondersoek, opname of ouditering doen, en moet—

(*a*) die hoof- uitvoerende beampte versoek om met tussenposes wat in die sake- en finansiële plan bepaal is, verslag te doen oor nakoming van die sake- en finansiële plan; en

(*b*) gehoor gee aan 'n klagte wat van enige persoon ontvang word.

(3) Enige klagte aangaande die hoof- uitvoerende beampte moet aan die Aandeelhouerskomitee of die Minister vir ondersoek voorgelê word.

**Moniteringspligte en -bevoegdhede van hoof- uitvoerende beampte**

**40.** (1) Die moniteringspligte van die hoof- uitvoerende beampte is om—

(*a*) 'n klagte van enige persoon betreffende nie-nakoming in artikel 41 bedoel, te ontvang en om sodanige klagte na die bestuurder van die betrokke funksionele eenheid vir verdere optrede te verwys;

(*b*) nakoming deur die Korporasie van openbare diensverpligtinge wat—

(i) vlakke van openbare veiligheid soos in die sake- en finansiële plan of beheerooreenkoms beskryf, wat ook al van toepassing is;

(ii) kwaliteit en vlakke van diens soos in daardie plan of daardie ooreenkoms beskryf, wat ook al van toepassing is; en

(iii) prysvasstelling van dienste soos in daardie plan of daardie ooreenkoms beskryf, wat ook al van toepassing is,

insluit, te moniteer en daaroor verslag te doen aan die Aandeelhouerskomitee; en

(*c*) die—

(i) vlak van, en potensiaal vir verdere, betrokkenheid van die private sektor in padverkeersdiensverskaffing;

(ii) the level of, and potential for further, involvement by provincial authorities and local government bodies in road traffic service provision;

(iii) the development of, and potential for, monopolistic practices arising from performance in terms of investment contracts, and strategies to discourage such or similar practices; and

(iv) the impact of the Corporation's activities on other transport modes and its contribution to modal complementarity.

(2) The chief executive officer may—

*(a)* request the manager of the functional unit concerned to report on compliance with the business and financial plan at intervals determined by the chief executive officer;

*(b)* respond to a complaint received from any person; and

*(c)* conduct an independent investigation, survey or audit.

(3) The chief executive officer must, prior to conducting an audit in terms of subsection (1)*(c)*, publish a notice in the media inviting any person or entity to provide written comments or suggestions regarding compliance.

**Complaints to chief executive officer**

**41.** (1) Any person or agent who is directly affected by—

*(a)* discrimination or a discriminatory ruling by the manager of a functional unit;

*(b)* failure on the part of the Corporation to execute its functions in accordance with the laws concerning road traffic; or

*(c)* negligence on the part of the Corporation,

may lodge a complaint with the Minister, any MEC or the Shareholders Committee who must submit it to the chief executive officer.

(2) A complaint lodged in terms of subsection (1) must consist of a statement made under oath or a solemn declaration which details the nature or contents of the alleged discrimination, failure or negligence.

(3) The chief executive officer must investigate a complaint from any person regarding non-compliance by a manager of a functional unit or the Corporation if the allegations contained in that complaint constitute a *prima facie* case of discrimination, failure or negligence.

(4) The chief executive officer must notify the manager of the functional unit concerned of a complaint received with regard to that manager and of his or her intention to investigate any allegation of discrimination, failure or negligence.

(5) If subsequent to an investigation contemplated in subsection (3), the chief executive officer is of the opinion that the manager of the functional unit is guilty of such discrimination, failure or negligence, the chief executive officer, subject to subsection (6)—

*(a)* must in writing direct the manager of the functional unit concerned to rectify the discrimination, failure or negligence within a reasonable time; and

*(b)* may in writing direct the manager of the functional unit concerned to pay full or partial compensation for any monetary loss sustained by the person who has lodged the complaint.

(6) The chief executive officer may not act in terms of subsection (5) unless he or she has—

*(a)* notified the manager of the functional unit concerned in writing of his or her intention to act in terms of that subsection and has informed the manager of all the relevant facts pertaining to the complaint lodged in terms of subsection (1); and

*(b)* afforded the manager of the functional unit concerned the opportunity to make representations to him or her in respect of the discrimination, failure or negligence, within a reasonable time.

(7) Any person may submit information to the chief executive officer regarding the existence of any constraint which hinders investment in road traffic or which

(ii) vlak van, en potensiaal vir verdere, betrokkenheid van provinsiale owerhede en plaaslike regeringsliggame in padverkeersdiensverskaffing;

(iii) ontwikkeling van, en potensiaal vir, monopolistiese praktyke voortspruitend uit prestasie ingevolge beleggingskontrakte, en strategieë om sodanige of soortgelyke praktyke te ontmoedig; en

(iv) trefkrag van die Korporasie se bedrywighede op ander vervoerwyses en die bydrae daarvan tot modale komplementariteit,

te moniteer en daaroor verslag te doen aan die Aandeelhouerskomitee.

(2) Die hoof- uitvoerende beampte kan—

*(a)* die bestuurder van die betrokke funksionele eenheid versoek om ooreenkomstig die sake- en finansiële plan, met tussenposes wat deur die hoof- uitvoerende beampte bepaal word, verslag te doen oor nakoming;

*(b)* gehoor gee aan 'n klagte wat van enige persoon ontvang is; en

*(c)* 'n onafhanklike ondersoek, opname of ouditering doen.

(3) Die hoof- uitvoerende beampte moet, voordat 'n ouditering ingevolge subartikel (1)*(c)* gedoen word, 'n kennisgewing in die media publiseer waarin enige persoon of entiteit uitgenooi word om skriftelike kommentaar of voorstelle aangaande nakoming te voorsien.

**Klagtes aan hoof- uitvoerende beampte**

**41.** (1) Enige persoon of agent wat regstreeks geraak word deur—

*(a)* diskriminasie of 'n diskriminerende beslissing deur die bestuurder van 'n funksionele eenheid;

*(b)* versuim aan die kant van die Korporasie om sy werksaamhede in ooreenstemming met die wette rakende padverkeer uit te voer; of

*(c)* nalatigheid aan die kant van die Korporasie,

kan 'n klagte by die Minister, enige LUR of die Aandeelhouerskomitee indien, wat dit aan die hoof- uitvoerende beampte moet voorlê.

(2) 'n Klagte kragtens subartikel (1) ingedien, moet bestaan uit 'n verklaring onder eed afgelê of 'n plegtige verklaring wat die aard of inhoud van die beweerde diskriminasie, versuim of nalatigheid in besonderhede uiteensit.

(3) Die hoof- uitvoerende beampte moet 'n klagte van enige persoon aangaande nie-nakoming deur 'n bestuurder van 'n funksionele eenheid of die Korporasie ondersoek indien die bewerings daarin vervat 'n *prima facie*-saak van diskriminasie, versuim of nalatigheid uitmaak.

(4) Die hoof- uitvoerende beampte moet die bestuurder van die betrokke funksionele eenheid in kennis stel van 'n klagte wat met betrekking tot daardie bestuurder ontvang is en van sy of haar voorneme om enige bewering van diskriminasie, versuim of nalatigheid te ondersoek.

(5) Indien die hoof- uitvoerende beampte na afloop van 'n ondersoek in subartikel (3) beoog, van mening is dat die bestuurder van die funksionele eenheid skuldig is aan sodanige diskriminasie, versuim of nalatigheid—

*(a)* moet die hoof- uitvoerende beampte, behoudens subartikel (6), die bestuurder van die betrokke funksionele eenheid skriftelik gelas om die diskriminasie, versuim of nalatigheid binne 'n redelike tyd reg te stel; en

*(b)* kan die hoof- uitvoerende beampte, behoudens subartikel (6), die bestuurder van die betrokke funksionele eenheid skriftelik gelas om volle of gedeeltelike vergoeding te betaal vir enige geldelike verlies wat gely is deur die persoon wat die klagte ingedien het.

(6) Die hoof- uitvoerende beampte mag nie ingevolge subartikel (5) optree nie, tensy hy of sy—

*(a)* die bestuurder van die betrokke funksionele eenheid skriftelik in kennis gestel het van sy of haar voorneme om ingevolge daardie subartikel op te tree en die bestuurder ingelig het oor al die tersaaklike feite wat betrekking het op die klagte wat ingevolge subartikel (1) ingedien is; en

*(b)* die bestuurder van die betrokke funksionele eenheid die geleentheid gebied het om binne 'n redelike tyd vertoë in verband met die diskriminasie, versuim of nalatigheid tot hom of haar te rig.

(7) Enige persoon kan inligting aan die hoof- uitvoerende beampte voorlê aangaande die bestaan van enige beperking wat belegging in padverkeer verhinder of wat die

detrimentally affects the efficiency, affordability or safety of road traffic service provision.

(8) The chief executive officer must, on receipt of any information specified in subsection (7), submit a recommendation to the Shareholders Committee in this regard.

**Contract compliance monitoring**

**42.** The chief executive officer must monitor compliance with the provisions of every contract concluded, or purported to have been concluded, under this Act.

## CHAPTER 8
## MISCELLANEOUS

**Procurement**

**43.** Any procurement under this Act must be undertaken in terms of the prescribed procedures.

**Consultation**

**44.** The chief executive officer—

*(a)* must, in support of the execution of the Corporation's functions, consult, on the request of the Shareholders Committee or the board or as the need arises, with other interested government departments, companies, agencies, local governments, private business or international authorities and relevant stakeholders; and

*(b)* may for that purpose develop and maintain appropriate stakeholder consultative networks and establish appropriate stakeholder consultative forums.

**Innovation**

**45.** (1) The Shareholders Committee must encourage innovative projects which entail technology transfers at the expiry of a concession period through—

*(a)* the use of national goods and services;

*(b)* training and employment of citizens; and

*(c)* research and development.

(2) The Shareholders Committee may direct that any bidder, who in preparing a bid has undertaken innovative research which is useful, be reimbursed either partially or fully for bidding costs irrespective of whether the bid is successful or not.

**Enquiries**

**46.** (1) The chief executive officer may conduct any enquiry concerning road traffic, and must announce his or her intention to conduct an enquiry by publishing a notice in the *Gazette* and every *Provincial Gazette*—

*(a)* indicating the time and place at which such enquiry will be conducted;

*(b)* specifying the subject-matter of the enquiry; and

*(c)* inviting interested persons to—

(i) submit written representations to the chief executive officer; or

(ii) indicate whether they wish to submit oral representations to the chief executive officer.

(2) Any written representation made by any person in pursuance of an invitation referred to in subsection (1)*(c)*(i) is open to inspection at the premises of the Corporation during normal business hours.

(3) A written representation referred to in subsection (2), or a certified copy thereof, must be furnished on request to any person after payment of the prescribed fee.

(4) The chief executive officer may cause a notice to be served on any person requiring such person to appear at a place and time specified in such notice for the purpose of an enquiry.

doeltreffendheid, bekostigbaarheid of veiligheid van padverkeersdiensverskaffing nadelig raak.

(8) Die hoof- uitvoerende beampte moet, by ontvangs van enige inligting in subartikel (7) vermeld, 'n aanbeveling aan die Aandeelhouerskomitee in hierdie verband voorlê.

**Monitering van kontrak-nakoming**

**42.** Die hoof- uitvoerende beampte moet nakoming van die bepalings van elke kontrak wat kragtens hierdie Wet aangegaan is, of voorgee aangegaan te gewees het, moniteer.

## HOOFSTUK 8
## DIVERSE

**Verkryging**

**43.** Enige verkryging kragtens hierdie Wet moet ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedures onderneem word.

**Raadpleging**

**44.** Die hoof- uitvoerende beampte—

*(a)* moet, ter ondersteuning van die uitvoering van die Korporasie se werksaamhede, op versoek van die Aandeelhouerskomitee of die raad of soos die behoefte hom voordoen, oorleg pleeg met ander belanghebbende staatsdepartemente, maatskappye, agentskappe, plaaslike regerings, private sakeondernemings of internasionale owerhede en tersaaklike insethouers; en

*(b)* kan vir daardie doel vir raadpleging van insethouers ontwikkel en in stand hou en gepaste forums instel vir sodanige raadpleging.

**Innovering**

**45.** (1) Die Aandeelhouerskomitee moet innoverende projekte wat tegnologieoordrag by die verstryking van 'n konsessietydperk behels, aanmoedig deur—

*(a)* die gebruik van nasionale goedere en dienste;

*(b)* opleiding en indiensneming van burgers; en

*(c)* navorsing en ontwikkeling.

(2) Die Aandeelhouerskomitee kan gelas dat enige bieër wat ter voorbereiding van 'n bod innoverende navorsing wat nuttig is, onderneem het, óf gedeeltelik, óf ten volle, vergoed word vir die koste van die bod, ongeag of die bod geslaagd is al dan nie.

**Ondersoeke**

**46.** (1) Die hoof- uitvoerende beampte kan enige ondersoek aangaande padverkeer instel, en moet sy of haar voorneme om 'n ondersoek in te stel, aankondig deur 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* en elke *Provinsiale Koerant* te publiseer waarin—

*(a)* die tyd wanneer, en die plek waar, sodanige ondersoek ingestel sal word, aangedui word;

*(b)* die onderwerp van die ondersoek vermeld word; en

*(c)* belanghebbende persone uitgenooi word om—

(i) skriftelike vertoë aan die hoof- uitvoerende beampte voor te lê; of

(ii) aan te dui of hulle mondelinge vertoë tot die hoof- uitvoerende beampte wil rig.

(2) Enige skriftelike vertoog wat deur iemand in opvolging van 'n uitnodiging in subartikel (1)*(c)*(i) bedoel, voorgelê is, lê gedurende normale kantoorure ter insae by die perseel van die Korporasie.

(3) 'n Skriftelike vertoog in subartikel (2) bedoel, of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan, moet op versoek aan enige persoon na betaling van die voorgeskrewe fooi voorsien word.

(4) Die hoof- uitvoerende beampte kan 'n kennisgewing aan 'n persoon laat beteken waarin van sodanige persoon vereis word om by 'n plek, en op 'n tyd, in sodanige kennisgewing vermeld, te verskyn vir doeleindes van 'n ondersoek.

(5) The chief executive officer must conduct an enquiry—

*(a)* in accordance with the prescribed procedure; and

*(b)* in public, unless the Minister grants permission for an enquiry to be conducted *in camera*.

(6) The Shareholders Committee or the board may, on the recommendation of the chief executive officer at the conclusion of the enquiry, issue a directive requiring a person to undertake an action or cease to perform an action in compliance with this Act or any other law in terms of which the Corporation may execute road traffic functions.

(7) A directive referred to in subsection (6) is, subject to subsection (9) and judicial review, binding on the person to whom it is addressed.

(8) The chief executive officer must provide the party or parties with written copies of his or her findings pursuant to an enquiry in terms of this section and must specify the content of any directive issued and any action to be taken pursuant thereto.

(9) Any person who is aggrieved by the outcome of an enquiry or the content of a directive addressed to him or her may in writing request the Shareholders Committee or the board to review the findings or any action taken pursuant thereto.

(10) The Shareholders Committee or the board, as the case may be, must, on receipt of a request referred to in subsection (9)—

*(a)* inform all interested parties that the request has been received; and

*(b)* invite further representations from any party.

(11) The Shareholders Committee or the board, as the case may be, may, after having taken the steps referred to in subsection (10)—

*(a)* re-open the enquiry; or

*(b)* refuse the request and provide the applicant with written reasons for such refusal.

**Right to review or appeal**

**47.** (1) Any person who is affected by a decision of the chief executive officer or any other employee of the Corporation taken, or purported to have been taken, in terms of this Act or another law administered by the Corporation must exercise his, her or its rights in respect of that decision in terms of the rules of the High Court having jurisdiction, within 30 days after that person became aware of that decision, or within such further period as that Court may allow on good cause shown.

(2) The Court referred to in subsection (1) may—

*(a)* confirm, vary or set aside the relevant decision of the chief executive officer or that employee, as the case may be;

*(b)* give such other decision as the chief executive officer or that employee, as the case may be, was able to give; or

*(c)* remit the case to the chief executive officer or that employee, as the case may be, with the instructions it thinks fit.

(3) The Court referred to in subsection (1) may issue any order regarding costs which it considers fair under the circumstances.

(4) A decision given by the Court in terms of subsection (2)*(b)* is deemed, for purposes of the laws contemplated in subsection (1), to be a decision of the chief executive officer or of that employee, as the case may be.

**Regulations**

**48.** (1) The Minister may, after consultation with the Shareholders Committee, make regulations relating to—

*(a)* any matter which may or must be prescribed in terms of this Act;

*(b)* subject to subsection (2), any monies that may be charged by the Corporation or that accrue to the Corporation in terms of this Act; and

*(c)* any matter which is necessary to prescribe in order to achieve the objectives of this Act.

(2) A regulation may only be made in terms of subsection (1)*(b)* with the concurrence of the Minister of Finance and after consultation with the Shareholders Committee.

(5) Die hoof- uitvoerende beampte moet 'n ondersoek instel—

*(a)* in ooreenstemming met die voorgeskrewe prosedure; en

*(b)* in die openbaar, tensy die Minister toestemming verleen dat 'n ondersoek *in camera* ingestel word.

(6) Die Aandeelhouerskomitee of die raad kan, op aanbeveling van die hoof- uitvoerende beampte nadat die ondersoek voltooi is, 'n opdrag uitreik waarin van 'n persoon vereis word om 'n handeling te verrig of om die uitvoering van 'n handeling te staak ter nakoming van hierdie Wet of enige ander wet ingevolge waarvan die Korporasie padverkeersfunksies kan uitvoer.

(7) Behoudens subartikel (9) en geregtelike hersiening, is 'n opdrag in subartikel (6) bedoel, bindend op die persoon aan wie dit gerig is.

(8) Die hoof- uitvoerende beampte moet die party of partye van skriftelike afskrifte van sy of haar bevindings in opvolging van 'n ondersoek ingevolge hierdie artikel voorsien en moet die inhoud van enige opdrag wat uitgereik is en enige handeling wat in opvolging daarvan verrig moet word, vermeld.

(9) Enige persoon wat veronreg is deur die uitslag van 'n ondersoek of die inhoud van 'n opdrag wat aan hom of haar gerig is, kan die Aandeelhouerskomitee of die raad skriftelik versoek om die bevindings of enige handeling in opvolging daarvan uitgevoer, te hersien.

(10) Die Aandeelhouerskomitee of die raad moet, by ontvangs van 'n versoek in subartikel (9) bedoel—

*(a)* alle belanghebbende partye in kennis stel dat die versoek ontvang is; en

*(b)* verdere vertoë van enige party versoek.

(11) Die Aandeelhouerskomitee of die raad kan, nadat die stappe in subartikel (10) bedoel, gedoen is—

*(a)* die ondersoek heropen; of

*(b)* die versoek van die hand wys en die aansoeker van skriftelike redes vir sodanige afwysing voorsien.

**Reg op hersiening of appèl**

**47.** (1) Iemand geraak word deur 'n beslissing van die hoof- uitvoerende beampte of enige ander werknemer van die Korporasie wat geneem is, of wat voorgee om geneem te gewees het, ingevolge hierdie Wet of 'n ander wet wat deur die Korporasie geadministreer word, moet sy of haar regte met betrekking tot daardie beslissing uitoefen ingevolge die reëls van die Hoë Hof wat regsbevoegdheid het, binne 30 dae nadat daardie persoon van daardie beslissing bewus geword het, of binne dié verdere tydperk wat die Hof, op goeie gronde aangevoer, kan toelaat.

(2) Die Hof in subartikel (1) bedoel, kan—

*(a)* die betrokke beslissing van die hoof- uitvoerende beampte of daardie werknemer, na gelang van die geval, bekragtig, wysig of tersyde stel;

*(b)* dié ander beslissing gee wat die hoof- uitvoerende beampte of daardie werknemer, na gelang van die geval, bevoeg was om te gee; of

*(c)* die saak na die hoof- uitvoerende beampte of daardie werknemer, na gelang van die geval, terugverwys met die opdragte wat hy dienstig ag.

(3) Die Hof in subartikel (1) bedoel, kan enige bevel aangaande koste maak wat hy in die omstandighede billik ag.

(4) 'n Beslissing wat deur die Hof ingevolge subartikel (2)*(b)* gegee is, word vir doeleindes van die wette in subartikel (1) beoog, geag 'n beslissing van die hoof- uitvoerende beampte of van daardie werknemer, na gelang van die geval, te wees.

**Regulasies**

**48.** (1) Die Minister kan, na oorleg met die Aandeelhouerskomitee, regulasies maak aangaande—

*(a)* enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf kan of moet word;

*(b)* behoudens subartikel (2), enige gelde wat deur die Korporasie gevorder kan word of wat die Korporasie ingevolge hierdie Wet toeval; en

*(c)* enige aangeleentheid wat nodig is om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

(2) 'n Regulasie ingevolge subartikel (1)*(b)* mag slegs met die instemming van die Minister van Finansies en na oorleg met die Aandeelhouerskomitee gemaak word.

(3) A regulation may provide for such incidental, supplementary or transitional matters as may be necessary, including for penalties of a fine or imprisonment for a period not exceeding two years for a contravention thereof.

(4) A regulation—

*(a)* may not come into operation less than 30 days after its publication in the *Gazette* and every *Provincial Gazette*;

*(b)* must be tabled in Parliament by the Minister within 14 days of its publication as contemplated in paragraph *(a)* or, if Parliament is not then in session, at the commencement of its next ensuing session; and

*(c)* must be tabled in each provincial legislature by the MEC within 14 days of its publication as contemplated in paragraph *(a)* or, if the legislature is not then in session, at the commencement of its next ensuing session.

**Restriction on use of name**

**49.** No person may under a name containing the words "Road Traffic Management Corporation" or the translation thereof in any other official language—

*(a)* conduct his, her or its affairs or business or carry on his, her or its occupation or trade;

*(b)* be registered or licensed in terms of any legislation; or

*(c)* falsely claim to be acting on behalf of the Corporation.

**Limitation of liability**

**50.** No employee of the Corporation, nor the Corporation, is liable in respect of anything done or omitted in good faith in the exercise of a power or the performance of a duty in terms of this Act, or in respect of anything that may result therefrom.

**Interim arrangements**

**51.** Despite anything to the contrary in any other law, the national and provincial authorities contemplated in section 23(2) must take the steps, or authorise anything to be done, which may be necessary to promote—

*(a)* the transfer to the Corporation of the assets, liabilities, rights or obligations contemplated in section 23(2);

*(b)* the employment by the Corporation of officers of the national or provincial Departments as contemplated in section 23(1)*(b)*; and

*(c)* the commercialisation and setting up of functional units in respect of road traffic functions before the Corporation commences with the performance of its functions.

**Offences**

**52.** Any person who—

*(a)* fails to comply with a notice to attend a hearing served in terms of section 46(4);

*(b)* fails to comply with any directive issued in terms of section 46(6); or

*(c)* contravenes a provision of section 49,

is guilty of an offence and liable on conviction to a fine or a period of imprisonment not exceeding two years.

**Short title and commencement**

**53.** (1) This Act is called the Road Traffic Management Corporation Act, 1999, and comes into operation on a date determined by the President by proclamation in the *Gazette*.

(2) Different dates may be determined in terms of subsection (1) for the commencement of different provisions of this Act and dates so fixed may differ in respect of different provinces.

(3) 'n Regulasie kan voorsiening maak vir dié bykomstige, aanvullende of oorgangsaangeleenthede wat nodig mag wees, met inbegrip van strawwe vir 'n oortreding daarvan van 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

(4) 'n Regulasie—

*(a)* mag nie in werking tree binne minder as 30 dae na die publikasie daarvan in die *Staatskoerant* en elke *Provinsiale Koerant* nie;

*(b)* moet binne 14 dae na publikasie daarvan soos in paragraaf *(a)* beoog, deur die Minister in die Parlement ter tafel gelê word of, indien die Parlement nie dan in sessie is nie, by die aanvang van sy eersvolgende sessie; en

*(c)* moet binne 14 dae na publikasie daarvan soos in paragraaf *(a)* beoog, deur die LUR in elke provinsiale wetgewer ter tafel gelê word of, indien die wetgewer nie dan in sessie is nie, by die aanvang van sy eersvolgende sessie.

**Beperking op gebruik van naam**

**49.** Niemand mag onder 'n naam wat die woord "Padverkeersbestuurskorporasie" of 'n vertaling daarvan in enige ander amptelike taal bevat—

*(a)* sy of haar sake of besigheid bedryf nie, of sy of haar beroep of ambag beoefen nie;

*(b)* kragtens enige wet geregistreer of gelisensieer wees nie; of

*(c)* valslik voorgee om namens die Korporasie op te tree nie.

**Beperking van aanspreeklikheid**

**50.** Geen werknemer van die Korporasie, of die Korporasie, is aanspreeklik met betrekking tot enigiets wat te goeder trou gedoen of nagelaat is in die uitoefening van 'n bevoegdheid of die uitvoering van 'n plig ingevolge hierdie Wet, of met betrekking tot enigiets wat daaruit mag voortspruit nie.

**Tussentydse reëlings**

**51.** Ondanks andersluidende bepalings in enige ander wet, moet die nasionale en provinsiale owerhede soos in artikel 23(2) beoog, die stappe doen, of enigiets wat gedoen moet word, magtig, wat nodig mag wees vir die bevordering van—

*(a)* die oordrag aan die Korporasie van die bates en laste, regte en verpligtinge in artikel 23(2) beoog;

*(b)* die indiensneming deur die Korporasie van beamptes van die nasionale of provinsiale departemente in artikel 23(1)*(b)* beoog; en

*(c)* die kommersialisering en instelling van funksionele eenhede met betrekking tot padverkeerswerksaamhede voor die aanvang deur die Korporasie van die verrigting van sy werksaamhede.

**Misdrywe**

**52.** Enige persoon wat—

*(a)* versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing om 'n verhoor by te woon wat ingevolge artikel 46(4) beteken is;

*(b)* versuim om te voldoen aan 'n opdrag wat kragtens artikel 46(6) uitgereik is; of

*(c)* 'n bepaling van artikel 49 oortree,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**53.** (1) Hierdie Wet heet die Wet op die Padverkeersbestuurskorporasie, 1999, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Verskillende datums kan kragtens subartikel (1) vir die inwerkingtreding van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word, en datums aldus bepaal, kan verskil ten opsigte van verskillende provinsies.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—8000
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—8000